# KAPITAALWINSBELASTING EN DIE TOEKOMSTIGE IMPLEMENTERING DAARVAN IN SUID-AFRIKA

C R ROESCH

KLERKSDORP

1994

# KAPITAALWINSBELASTING EN DIE TOEKOMSTIGE

# IMPLEMENTERING DAARVAN IN SUID-AFRIKA

**Cornelius Rudolf Roesch**

**M.Com. (Rekeningkunde) G.R.(S.A.)**

Skripsie voorgelê vir gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad Magister Commercii (Belasting) in die Departement Rekeningkunde en Ouditkunde, Fakulteit Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe, aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Leier: Prof. J.S. Gericke

Hulpleier: Prof. R.J. van Niekerk

KLERKSDORP

1994

# ABSTRACT


**CAPITAL GAINS TAX AND THE FUTURE IMPLEMENTATION THEREOF IN SOUTH AFRICA**

No definition of a capital gain is contained in the Income Tax Law. The intention of the taxpayer is conclusive in determining whether a profit is of a capital nature and therefore, presently, free of tax.

The institution of a capital gains tax in South Arica has already often been examined by various commissions and, although some have recommended the institution thereof and in 1979 draft legislation had even been prepared, it has never been carried through. I am of the opinion that a capital gains tax will probably be instituted in South Africa at a later stage so as to broaden the tax base and to ensure greater equity between taxpayers.

The legislation concerning capital gains tax as presently applied in the United Kingdom has been used as a basis for discussion of the characteristics of the tax in overseas countries. Flowing from this recommendations are made regarding the features that the tax should encompass in South Africa. There are different approaches regarding the rate at which the tax must be levied and the recommendation is that individuals and trusts should be taxed at the lower of the average tax rate for the present year on normal tax or 30 %, whilst companies should be taxed at a flat rate of 30 %.

Certain assets such as a private dwelling and motor vehicles should, subject to certain prescribed rules, not be subject to capital gains tax whilst there should be relief in the form of indexing and roll-over on specific other assets.

The arguments for and against the institution of such a tax is discussed and the conclusion drawn that the low contribution of such a tax might possibly not measure up to the administrative burden resulting therefrom. Should a capital gains tax, however, be instituted in South Africa it must comply with all the requirements of good, equitable and fair taxation.

# VOORWOORD

My opregte dank word aan die volgende persone oorgedra vir hul hulp, aanmoediging en bystand:

- Aan my studieleier, Prof. J.S. Gericke.
- Prof. P.C. Nel vir die taalkundige versorging.
- Mev. Susan van Niekerk vir die netjiese en spoedige tikwerk.
- My vrou Anna Marie en ons gesin vir hul begrip, liefde en ondersteuning.

NEELS ROESCH

KLERKSDORP

OKTOBER 1994

# INHOUDSOPGAWE


| | | BLADSY |
|---|---|---|
| **HOOFSTUK 1: INLEIDING** | | |
| 1.1 | Huidige belastingsituasie | 1 |
| 1.2 | Herstrukturering van belasting | 1 |
| 1.3 | Doel van studie | 2 |
| 1.4 | Vorige navorsing en wetgewing oor kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika | 3 |
| 1.5 | Belastingontduiking | 5 |
| 1.6 | Vereistes vir 'n belastingstelsel | 6 |
| **HOOFSTUK 2: HUIDIGE REGSPRAAK TER IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINSTE** | | |
| 2.1 | Definisie van kapitaalwins | 8 |
| 2.2 | Regspraak | 9 |
| | 2.2.1 Inkomste produserende bate | 9 |
| | 2.2.2 Onderskeid tussen inkomste en kapitaal | 10 |
| | 2.2.3 Bedoeling | 11 |
| | 2.2.4 Verandering in bedoeling | 11 |
| | 2.2.5 Bedoeling van maatskappy | 13 |
| | 2.2.6 Ander oorwegings | 15 |
| 2.3 | Samevatting | 17 |
| **HOOFSTUK 3: DIE BELASTING OP KAPITAALWINSTE IN ENKELE OORSESE LANDE** | | |
| 3.1 | Inleiding | 19 |
| 3.2 | Basis van aanspreeklikheid | 19 |
| 3.3 | Aftrekbaarheid van uitgawes | 20 |
| 3.4 | Jaarlikse toelaag en vrystellings | 21 |
| 3.5 | Kapitaalverliese | 21 |
| 3.6 | Verkoop van bates | 22 |
| 3.7 | Paaiementverkope | 23 |
| 3.8 | Ongerealiseerde winste | 23 |
| 3.9 | Gedeeltelike verkope | 24 |

BLADSY

3.10 Verkope voor en tydens oorsese verblyf 24
3.11 Korttermyn- en langtermynkapitaalwinste 25
3.12 Teenvermydingsmaatreëls 25
3.13 Trusts 26
3.14 Maatskappye 27
3.15 Verbonde persone 28
3.16 Vennootskappe 28
3.17 Individue 29
3.18 Vrygestelde organisasies 29
3.19 Verligting met aftrede 30

**HOOFSTUK 4: DIE KOERS VAN KAPITAALWINSBELASTING EN DIE BELASBAARHEID VAN SPESIFIEKE TIPE BATES**

4.1 Koers van kapitaalwinsbelasting 31
4.2 Koers van normale belasting 33
4.3 Belasbaarheid van bates en sekere toevallings 34
- 4.3.1 Privaat woning 34
- 4.3.2 Aandele 35
- 4.3.3 Bates met 'n beperkte lewensduur 36
- 4.3.4 Reg op gebruik van eiendom 37
- 4.3.5 Privaat motorvoertuig 37
- 4.3.6 Persoonlike bates 37
- 4.3.7 Versekering 38
- 4.3.8 Dobbelwinste 38
- 4.3.9 Toekennings vir dapperheid 38
- 4.3.10 Handelsvoorraad 38

4.4 Indeksering 39
4.5 Terugploeg bepaling 41
4.6 Waardasie van bates 42

**HOOFSTUK 5: ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN EN TEEN DIE INSTELLING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING**

5.1 Weerstand teen belasting 44
5.2 Opbrengs van kapitaalwinsbelasting 45
5.3 Argumente teen die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting 46

BLADSY


| | | |
|---|---|---|
| 5.4 | Argumente ten gunste van die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting | 49 |
| 5.5 | Gevolgtrekking | 50 |


**HOOFSTUK 6: IMPLEMENTERING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING IN SUID-AFRIKA**


| | | |
|---|---|---|
| 6.1 | Inleiding | 52 |
| 6.2 | Basis van aanspreeklikheid | 52 |
| 6.3 | Aftrekbaarheid van uitgawes | 53 |
| 6.4 | Jaarlikse toelaag en vrystelling | 53 |
| 6.5 | Kapitaalverliese | 53 |
| 6.6 | Verkoop van bates | 54 |
| 6.7 | Paaiementverkope | 54 |
| 6.8 | Ongerealiseerde winste | 54 |
| 6.9 | Gedeeltelike verkope | 55 |
| 6.10 | Verkope voor en tydens oorsese verblyf | 55 |
| 6.11 | Korttermyn- en langtermynkapitaalwinste | 55 |
| 6.12 | Teenvermydingsmaatreëls | 56 |
| 6.13 | Trusts | 56 |
| 6.14 | Maatskappye | 56 |
| 6.15 | Verbonde persone | 57 |
| 6.16 | Vennootskappe | 57 |
| 6.17 | Individue | 57 |
| 6.18 | Vrygestelde organisasies | 58 |
| 6.19 | Koers van kapitaalwinsbelasting | 58 |
| 6.20 | Belasbaarheid van bates en sekere toevallings | 59 |
| | 6.20.1 Privaat woning | 59 |
| | 6.20.2 Aandele | 59 |
| | 6.20.3 Bates met 'n beperkte lewensduur | 59 |
| | 6.20.4 Reg op gebruik van eiendom | 60 |
| | 6.20.5 Privaat motorvoertuig | 60 |
| | 6.20.6 Persoonlike bates | 60 |
| | 6.20.7 Versekering | 60 |
| | 6.20.8 Dobbelwinste | 60 |
| | 6.20.9 Toekennings vir dapperheid | 61 |

BLADSY


6.20.10 Handelsvoorraad 61

6.21 Indeksering 61

6.22 Terugploeg bepaling 61

6.23 Waardasie van bates 62

6.24 Effektiewe datum 62

6.25 Interaksie met ander belastings 63

6.26 Jaarlikse opgawes en aanslae 63

6.27 Betaling van kapitaalwinsbelasting 63

6.28 Praktyknotas 64

6.29 Slotsom 64

Hofsake en inkomstebelastingsake waarna verwys word 66

Bibliografie 67

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING

## 1.1 HUIDIGE BELASTINGSITUASIE

'n Billike belastingstelsel is een van die grootste uitdagings wat voor die deur van die huidige regering lê. "Een van die grootste struikelblokke wat ekonomiese groei in Suid-Afrika kan belemmer, is die land se hoë belastingkoerse", aldus Mnr Roelf Meyer, tans Minister van Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling (van Rensburg, 1993:S8). Hy voel verder dat die belastingkwessie kreatief hanteer moet word om ekonomiese groei te verseker.

Pres. Nelson Mandela het bevestig dat Suid-Afrika se belasting sal moet daal indien ons buitelandse beleggings wil aantrek. (Gous, 1994b:1)

> "Wanneer belastings te hoog is, verdryf of ontmoedig dit entrepeneurs wat rykdom en werksgeleenthede skep. Die ideale belastingstelsel sal groei bevorder en spesifiek maatreëls insluit wat besparing aanmoedig." (Smith, 1993:7).

Daar bestaan menings dat Suid-Afrikaners alreeds te veel belas word, Dr . Gavin Woods beweer dat volgens 'n IMF ondersoek die Suid-Afrikaanse middelklas die swaarste belas word in die wêreld. (Coetzee, 1993a:5)

Mnr Derek Keys, voormalige Minister van Finansies, het in bespreking van sy begrotingspos toegegee dat persoonlike belasting buite verhouding hoog is. (Gous, 1994b:1)

## 1.2 HERSTRUKTURERING VAN BELASTING

Die gevoel dat ons belastingstelsel herstruktureer moet word om buitelandse kapitaal te lok is alreeds in 1993 deur Prof. Michael Katz, Voorsitter van die regering se komitee vir belastingadvies, uitgespreek. Hy is van mening dat lande hul belastingkoerse sal gebruik om buitelandse beleggings en handel te lok. "Lande met hoë belastingkoerse sal eenvoudig van internasionale handel en belegging uitgesluit word". (Katz, 1993:S3)

Die bestaande belastingbronne sal beter benut moet word. Daar moet meer belasting ingevorder word sonder om die motivering van sleutelpersone aan die produksiekant van die ekonomie te benadeel. (Rossouw, 1992:24)

Mnr Johann Benade sien kapitaalwinsbelasting as 'n besliste nuwe belasting, en dat dit selfs tot 'n verlaging in regstreekse belastingkoerse kan lei. Hy sê dat "'n kapitaalwinsbelasting in 'n nuwe politieke bestel 'n baie gewilde metode sal wees om ongelykhede in die verdeling van inkomste en rykdom gedeeltelik uit te skakel". (Benade, 1992:25)

Alvorens so 'n nuwe belasting ingestel word, moet deeglike navorsing daaroor gedoen word om sodoende probleme wat tans in ander lande bestaan uit te skakel.

## 1.3 DOEL VAN STUDIE

Die doel van hierdie studie is om die eienskappe en toepassing van kapitaalwinsbelasting in oorsese lande te ontleed, om ooreenkomste en teenstrydighede in verskillende lande uit te wys, en aanbevelings te doen rakende die toekomstige implementering daarvan in Suid-Afrika.

Daar is besluit om kapitaalwinsbelasting soos dit toegepas word in Brittanje as basis te neem, en dit dan met dié van enkele ander oorsese lande te vergelyk. Die rede hiervoor is omdat die benadering van die Suid-Afrikaanse howe met betrekking tot kapitaalwinste gebaseer is op die interpretasie van die Britse howe ten opsigte van die Britse Inkomstebelastingwet (Franzsen-Kommissie, 1968:48) Hul benadering word soos volg saamgevat:

> "According to the British approach there are many forms of profit, especially fortuitous profits or accruals, which are not subject to taxation because they do not form part of the proceeds which are normally associated with a trade or occupation. Such profits are known in common parlance as 'capital gains' in order to distinguish them from 'income gains'. In English Law the only real test, . . ., is whether the gain constitutes earnings or proceeds from a trade or not." (Franzsen-kommissie, 1968:48)

Daar sal ook gekyk word na bestaande regspraak en spesifiek hoe tans onderskei word tussen kapitaalwinste en nie-kapitaalwinste.

Die koers van kapitaalwinsbelasting en die belasbaarheid van spesifieke tipe bates sal ondersoek word, asook die argumente ten gunste van en teen die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting.

## 1.4 VORIGE NAVORSING EN WETGEWING OOR KAPITAALWINSBELASTING IN SUID-AFRIKA

Gedurende 1914 is die eerste landwye belasting op inkomste ingestel in die vorm van die Unie-inkomstebelastingwet. (De Kock, M.H. 1924: Economic History of South Africa soos aangehaal deur Kleynhans, 1979:7)

Die woorde "ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard" is gedurende 1917 vir die eerste keer as 'n uitsluiting van die definisie van bruto inkomste in die wet opgeneem. (Meyerowitz & Spiro, 1993:93)

Transvaal is die eerste provinsie wat in 1919 belasting op kapitaalwinste met die vervreemding van vaste eiendom instel, maar dit word weer in 1920 herroep. (De Kock, M.H. 1927: Finances of the Union of South Africa soos aangehaal deur Kleynhans, 1979:8)

Gedurende die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog het omstandighede aanleiding gegee tot spekulasie in kapitale bates, en is daar as tydelike maatreël 'n kapitaalwinsbelasting gehef op die verkoop van "vasgoed" vanaf 1942 tot 1947. (Kleynhans, 1979:11)

Die eerste kommissie van ondersoek na die Inkomstebelastingwet se verslag word in 1951 gepubliseer, en die aanbeveling met een teenstem, is dat 'n kapitaalwinsbelasting nie ingestel moet word nie. (Meyerowitz, 1979a:61)

Gedurende 1968 beveel die Franzsen-kommissie (1968:58-67) aan, met een teenstem, dat 'n kapitaalwinsbelasting wel ingestel moet word.

Tydens die Minister van Finansies se begrotingsrede in 1979 het hy aangekondig dat 'n konsepwetsontwerp oor die instelling van 'n baie beperkte en beskeie kapitaalwinsbelasting in die tweede helfte van die jaar gepubliseer sal word vir kommentaar.

Hy voer as rede aan "the constant search for new sources of revenue to broaden the tax base and thereby, to a meaningful extent, to alleviate the burden of some existing forms of taxation." (Meyerowitz, 1979b:48). Die publikasie is later verder uitgestel sodat finale besluite eers geneem kan word oor die belasting van byvoordele, en is sover vasgestel kan word, nooit gepubliseer nie.

Die ongepubliseerde konsepwet (1979) en verklarende memorandum by die ongepubliseerde konsepwet (1979) is egter beskikbaar gestel aan die Margo-kommissie tydens hul ondersoek.

In November 1986 word die Margo-kommissie se verslag oor hul ondersoek na die belastingstruktuur voorgelê. Hul beveel aan dat subjektiewe kriteria vervang moet word deur objektiewe kriteria ten einde te onderskei tussen kapitaalwins en wins van 'n inkomste-aard, maar die meerderheidsaanbeveling is dat 'n kapitaalwinsbelasting nie ingestel moet word nie. Twee van die kommissarisse se minderheidsaanbeveling is dat dit wel ingestel word. (Margo-kommissie, 1986:232)

Mnr Hannes Hattingh, vorige kommissaris van Binnelandse Inkomste, het in 1992 bevestig dat kapitaalwinsbelasting op die agenda van die Belastingadvieskomitee is, maar dat heelwat navorsing nog gedoen moet word. (Gous, 1992:1)

Die Makro-ekonomiese Navorsingsgroep het in sy voorstelle vir 'n ekonomiese beleid gedurende Desember 1993 aanbeveel dat die belastinglas moet verskuif van die middel- en lae-inkomstegroep na die groep met hoë inkomste, en dat een van die beste maniere om dit te doen, 'n kapitaalwinsbelasting is. (Volschenk, 1993:S3)

Kleynhans (1979:12) maak die gevolgtrekking dat die geleenthede waar kapitaalwinsbelasting van toepassing gemaak is, in periodes van betreklike onstabiliteit was, met geldnood as 'n belangrike oorweging in staatsfinansies.

Dit is my mening dat die moontlikheid van 'n kapitaalwinsbelasting vir Suid-Afrika ernstige oorweging sal geniet, en dat dit waarskynlik later ingestel sal word ten einde die belastingbasis te verbreed.

## 1.5 BELASTINGONTDUIKING

Kapitaalwinsbelasting is moeilik administreerbaar, omdat dit ingewikkelde wetgewing verg ten einde regverdig te wees. In lande waar die wetgewing eenvoudiger is soos Australië, word dit as onregverdig beskou. (Benade, 1992:25)

By 'n ingewikkelde stelsel sal dit noodwendig moeilik wees om ontduiking van belasting te voorkom, en tot gevolg hê dat meer geld aan invordering van belasting spandeer moet word.

Volgens die Margo-kommissie was die koste van invordering in Suid-Afrika vir die 1985 jaar 0,3 persent van die belastinginkomste, teenoor 2 persent in Brittanje, 1,14 persent in Kanada en 1 persent in Swede. (Margo-kommissie, 1986:455)

Mnr Trevor van Heerden, Kommissaris van Binnelandse Inkomste, sê sy begroting is nog steeds te klein, dit is tans 0,5 persent van die belastinginkomste, wat veel laer is as in ander lande. Hy is van mening dat elke kundige wat aangestel word, minstens R1,5 miljoen per jaar sal invorder wat andersins verlore sou wees. (Volschenk, 1994a:S1)

Die belangrikheid van 'n goeie belastingadministrasie word deur verskeie persone beklemtoon.

> "Ons land sal beter vaar met 'n gemiddelde belastingstelsel en uitstekende administrasie, as 'n uitstekende stelsel met gemiddelde administrasie". (Rossouw, 1992:24)

Danie Uys haal die volgende aan wat Victor Tanzi in 'n IMF publikasie "Improving Tax Administration in Developing Countries" gepubliseer het: " ... taxation is the art of the possible. A tax system that is not administrable is not worth much. The theoretically most perfect tax system in the world may become a bad system if the intention expressed in the law is distorted by the practice". (Uys, 1993:2)

Ons moet streef na 'n relatief eenvoudige belastingstelsel wat verstaanbaar is vir die breë publiek en maklik toegepas kan word, maar terselfdertyd moet ons dit nie oorvereenvoudig en in die proses van die noodsaaklike maatreëls oorboord gooi nie. Dit kan lei tot tydrowende regsaksies wat tot gevolg het dat wetgewing noodwendig gewysig moet word, ten einde tekortkominge uit te skakel.

Veral teenvermydingsmaatreëls is noodsaaklik; dit verminder belastingontduiking en vergemaklik die toepassing van die wetgewing.

## 1.6 VEREISTES VIR 'N BELASTINGSTELSEL

Vir baie jare al word daar gesoek na 'n regverdige en billike metode om belasting te hef. In 1776 het Adam Smith 'n ondersoek gedoen na "the nature and causes of the Wealth of Nations". Die kriteria wat hy gestel het is nog steeds van toepassing, en Meyerowitz (1979a:62) baseer sy eienskappe van 'n belastingstelsel daarop, naamlik:

"(a) it should be within the ability of the taxpayer to pay the tax;

(b) the tax should be equitable between taxpayers;

(c) the liability for tax should be certain;

(d) the tax should be easy to administer and collect."

Die Kanadese Carter-kommissie van 1962 kom tot die slotsom dat die onderskeid tussen verskillende tipes winste irrelevant is, en dat die vermoë om te betaal die maatstaf moet wees:

> "The Commission's view was that a dollar gained through the sale of a share, bond or piece of real property bestows exactly the same economic power as the dollar gained through employment or operating a business and that equity principles dictated that both should be taxed in exactly the same way". (CCH Australia Ltd, 1985:223)

Gedurende 1978 stel die Meade-komitee in Brittanje die volgende beginsels as vereistes vir 'n regverdige belastingstelsel wat die aspek van herverdeling betref:

"1. A good tax system must be horizontally equitable, i.e. should treat like with like.

2. A modern tax system must be so constructed as to be capable of use for vertical redistribution between rich and poor.

3. There will almost inevitably be some clash between the criteria of economic efficiency (which require low marginal rates) and of vertical redistribution (which require high average rates of tax on the rich); but a good tax system is one which minimises this clash and promotes a given redistribution with a minimum loss of efficiency.

4. The final choice of redistribution aims for a tax system involves basic value judgements about the nature of a good society, . . . ". (Emslie *et al.*, 1994:5)

Die basiese eienskappe van 'n belastingstruktuur is volgens die Margo-kommissie (1986:5) "Billikheid, neutraliteit, eenvoud, sekerheid, administratiewe doeltreffendheid, kostedoeltreffendheid, buigsaamheid, stabiliteit, verspreidingsdoeltreffendheid en 'n regverdige balans vanuit die oog van belastingpligtiges tussen direkte en indirekte belasting. Belastinghervorming moet ook teen hierdie kriteria getoets word . . . ". Hul sien die ideaal as " 'n wydverspreide laekoersbelasting met 'n hoë opbrengs en 'n breë basis".

Ek is van mening dat enige nuwe belasting aanvaarbaar moet wees vir die gemeenskap, ten einde uitvoerbaar en invorderbaar te kan wees. Mnr Trevor Manuel, tans Minister van Handel en Nywerheid, het net voor die verkiesing gesê die volgende moet in ag geneem word voordat nuwe belastingskuiwe deurgevoer word:

"- Die belastingowerheid moet so doeltreffend moontlik wees;
- Belasting moet op 'n kostedoeltreffende manier gevorder word;
- Die belastingbetaler moet die belastingstelsel as deursigtig en regverdig beskou; en
- Die belastingstelsel moet groei aanmoedig". (Volschenk, 1994b:S1)

Bogenoemde beginsels moet in ag geneem word wanneer ons besin oor die instel van 'n kapitaalwinsbelasting en die regverdigheid daarvan. Ons moet altyd in gedagte hou wat geskrywe is in Spreuke 29 Vers 4: "'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belasting oplê, ruïneer 'n land".

# HOOFSTUK 2

# HUIDIGE REGSPRAAK TER IDENTIFISERING VAN KAPITAALWINSTE

## 2.1 DEFINISIE VAN KAPITAALWINS

Daar is geen definisie van 'n kapitaalwins in die Inkomstebelastingwet (1962) vervat nie, artikel 1 van genoemde wet sluit egter ontvangstes of toevallings van 'n kapitale aard uit by die omskrywing van bruto inkomste. Die verpligting word aan ons howe oorgelaat om te beslis wanneer 'n wins kapitaal van aard is.

Die Margo-kommissie (1986:226) lewer soos volg kommentaar daarop:

> "Dit is noemenswaardig dat daar in die Inkomstebelastingwet geen poging aangewend word om die begrippe 'kapitaal' en 'inkomste' omvattend te omskryf nie, hoewel die onderskeid tussen hierdie begrippe van kardinale belang in die Suid-Afrikaanse inkomstebelastingstelsel is. 'n Goeie rede vir hierdie weglating was dat die wetgewer die beperkings inherent in enige omskrywing wat moontlik op hierdie gebied aangedurf kon word, besef het."

Die Margo-kommissie beveel ook gevolglik nie "'n omvattende statutêre omskrywing van kapitaal en inkomste" aan nie.

Die verklarende memorandum by die konsepwet oor kapitaalwinsbelasting (1979:13) definieer 'n kapitale toevalling soos volg:

> "A 'capital accrual' is basically the consideration payable in respect of the disposal of a chargeable asset, other than any amount included in gross income, e.g. consideration received on the disposal of trading stock. Compensation for the loss or destruction of or damage to a chargeable asset is, if it is not gross income, also treated as a capital accrual."

Dit sou die probleem om 'n kapitaalwins te identifiseer nog steeds nie oplos nie, die bewyslas dat 'n bedrag nie onderhewig is aan inkomstebelasting nie, rus nog steeds ingevolge artikel 82 van die Inkomstebelastingwet (1962) op die belastingpligtige. Kleynhans (1979:16) is van mening dat 'n moontlike omvattende definisie die volgende is:

> "Kapitaalwinste kan omskryf word as toevallige winste of toevallings van 'n nie-herhalende aard wat nie deel uitmaak van die opbrengs wat normaalweg met 'n bedryf of werkverrigting of beoefening van 'n beroep vereenselwig word nie en wat verkry is sonder dat dit doelbewus nagestreef is en sonder dat 'n skema ontwerp en ingestel is wat gemik was op die lewering van winste. Dit is reële winste wat verkry is uit die waardevermeerdering en/of realisasie van bates waarvan die bedoeling by die verkryging was om dit te hou as 'n belegging en nie met die doel om dit te verkoop teen 'n wins sodra die geleentheid hom voordoen nie."

Hy is egter van mening dat 'n definisie nie omvattend en beskrywend genoeg is om te bepaal of 'n wins kapitaal van aard is of nie, maar dat daar gekyk moet word na die verskillende kenmerke van 'n kapitaalwins, soos deur verskeie hofsake uitgewys.

## 2.2 REGSPRAAK

Selfs nadat 'n kapitaalwinsbelasting mettertyd ingestel word, sal die onderskeid tussen kapitaal en inkomste nog steeds belangrik wees, aangesien kapitaalwinste en bedryfswinste verskillend hanteer word, en dit dikwels nie teen dieselfde koers belas word nie.

Verskillende hofuitsprake het die basis gelê waarvolgens daar beslis word of 'n ontvangste kapitaal of inkomste van aard is. Van die beginsels wat in die hofsake aangespreek word, is die volgende:

### 2.2.1 INKOMSTE PRODUSERENDE BATE

In CIR v Visser (1937 TPD 77, 8 SATC 271) word die voorbeeld genoem van die boom (die inkomste-produserende bate) wat sy vrugte (die inkomste) voortbring:

> "Die boom is die kapitale bate wat gebruik word as 'n middel om vrugte te produseer, wat op sy beurt die ekwivalent van die nie-kapitale inkomste is". (Huxam & Haupt, 1994:28)

'n Kapitale bate produseer normaalweg inkomste wat van nie-kapitale aard is. Wat egter 'n kapitale bate vir een belastingbetaler is, kan handelsvoorraad vir 'n volgende een wees. Die doel waarvoor die bate aangewend word is daarom van kardinale belang by beoordeling of dit van kapitale aard is.

> "... what is principal or tree in the hands of one man may be interest or fruit in the hands of another. Law books in the hands of a lawyer are a capital asset; in the hands of a book-seller they are a trade asset. A farm owned by a farmer is a capital asset; in the hands of a land jobber it becomes stock-in-trade." (CIR v Visser 1937 TPD 77, 8 SATC 271)

### 2.2.2 ONDERSKEID TUSSEN INKOMSTE EN KAPITAAL

'n Enkele bedrag wat ontvang word of toeval kan nie gedeeltelik kapitaal en gedeeltelik inkomste wees nie. "It would appear that all receipts or accruals must be categorised as being either of a capital or of an income nature." (Divaris & Stein, 1994:3-2). In Pyott Ltd v CIR (1945 AD 128, 13 SATC 121) is beslis dat so 'n bedrag nie beide kan wees nie, "dit is 'n halfweghuis waarvan ek geen kennis dra nie" (Huxam & Haupt, 1994:28)

Daar word egter wel 'n verdeling toegelaat tussen die verskillende elemente van 'n ontvangste of toevalling in gevalle waar dit deels vergoeding is vir dienste gelewer. In Tuck v CIR (1988(3) SA 819(A), 49 SATC 28) is na aftrede aan 'n werknemer bedrae betaal wat deels was vir dienste voorheen gelewer, en deels vir beperking van handelsbevoegdheid. Die hof het beslis dat die betaling om die twee redes gemaak is, en dat die bedrag verdeel moet word. Verdeling tussen elemente sal egter net in sekere gevalle toegelaat word:

> "Apportionment will only take place where there are two or more distinct legal *causae* which give rise to a receipt or accrual and where they are not indicative of the same conclusion, namely capital or revenue" (Emslie *et al.*, 1994:272)

### 2.2.3 BEDOELING

Bedoeling is 'n belangrike faktor by beoordeling van 'n transaksie. In CIR v Stott (1928 AD 252, 3 SATC 253) het 'n persoon wie 'n argitek en landmeter is, wat surplus fondse in eiendom belê het, die eiendom later opgesny in erwe en verkoop. Daar kon egter nie bewys word dat die belastingpligtige sy oorspronklike bedoeling verander het in 'n skema vir winsbejag nie.

> "The mere fact that the land was cut up into lots rather than sold as a whole could not by itself alter the character of the proceeds derived from the land from capital to gross income."

In sy uitspraak vervolg Wessels JA later:

> "It was sufficient to say that the intention was an important factor and unless some other factor intervened to show that when the article was sold it was in pursuance of a scheme of profit-making, it was conclusive in determining whether it was capital or gross income."

Die wins met verkoop van die eiendom is gevolglik nie belas nie.

### 2.2.4 VERANDERING IN BEDOELING

Die blote besluit om 'n kapitale bate nie meer vir sy oorspronklike doel te gebruik nie maar liewer om te sit in kontant beteken nie noodwendig dat 'n wins met verkoop nou belasbaar sal wees nie.

In John Bell & Co (Pty) Ltd v SIR (1976(4)SA 415(A), 38 SATC 87) is besluit om 'n eiendom wat voorheen hoofsaaklik vir die bedryf as markagente gebruik is, te verkoop sodra die mark voldoende gestyg het en 'n goeie wins gemaak kan word. Die Spesiale Hof het bevind dat dit voldoende verandering in bedoeling is om die karakter van die eiendom sodanig te wysig dat dit belasbaar is. Die Appelhof beslis egter dat dit nie belasbaar is nie.

> "Something more was required in order to metamorphose the character of the asset so as to render its proceeds gross income". (Emslie *et al.*, 1994:227)

Die wyse waarop daar met eiendom gehandel word nadat daar 'n verandering in die oorspronklike gebruik was, bepaal of die bedoeling sodanig verander het dat dit van 'n kapitale bate in handelsvoorraad omskep is. In Natal Estates Ltd v SIR (1975(4) SA 177(A), 37 SATC 193) lys Holmes JA 'n aantal faktore wat in ag geneem moet word:

> "...the intention of the owner, both at the time of buying the land and when selling it (for his intention may have changed in the interim); the objects of the owner, if a company; the activities of the owner in relation to his land up to the time of deciding to sell it in whole or in part; the light which such activities throw on the owner's *ipse dixit* as to intention; where the owner subdivides the land, the planning, extent, duration, nature, degree, organization and marketing operations of the enterprise; and the relationship of all this to the ordinary commercial concept of carrying on a business or embarking on a scheme for profit. Those considerations are not individually decisive and the list is not exhaustive.

> From the totality of the facts one enquires whether it can be said that the owner had crossed the Rubicon and gone over to the business, or embarked upon a scheme, of selling such land for profit, *using the land as his stock-in-trade*."

Die uitspraak was in hierdie saak dat, gebaseer op die omvang van die dorpsgebied ontwikkeling aktiwiteite, die inkomste wel belasbaar is.

### 2.2.5 BEDOELING VAN MAATSKAPPY

By 'n maatskappy is dit makliker om te bepaal wat die bedoeling is.

> "Die bedoelinge van 'n maatskappy word deur sy formele handelinge bepaal, d.w.s. die handelinge van sy direkteure word in die notule van direksievergaderings aangeteken; die akte van oprigting; die statute en besluite van die lede."
> (Huxam & Haupt, 1994:32)

Hul vertaal uit 'n uitspraak gegee in CIR v Richmond Estates (Pty) Ltd (1956 AD, 20 SATC 355)

> "'n Maatskappy is bloot 'n regspersoon 'sonder 'n lyf om te skop en 'n siel om te verdoem' en die enigste wyse waarop daar bepaal kan word wat sy bedoeling is, is om vas te stel wat sy direkteure in hul hoedanighede as direkteure bedoel het."

'n Individu wat in aandele belê met die doel om 'n inkomste daaruit te verkry en nie om daarmee te spekuleer nie, kan sy beleggingsportefeulje aktief bestuur met die doel om die portefeulje te beskerm, en nog steeds aanvoer dat die winste daaruit kapitaal van aard is. In CIR v Middelman (1991(1) SA 200(C), 52 SATC 323) het die belastingpligtige aangevoer dat sy transaksies primêr gedoen is om die hoogste dividend inkomste te verdien, en dat die winste in aandele toevallig van aard is.

Die hof se beslissing was dat die aandeelwinste kapitaal van aard is, en daarom nie belasbaar nie. (Emslie *et al.*, 1994:201)

In African Life Investment Corporation (Pty) Ltd v SIR (1969(4) SA 259(A), 31 SATC 163) is aangevoer dat die maatskappy opgerig is om op te tree as 'n beleggingsmaatskappy in aandele en obligasies. Die doel was nie om met aandele en beleggings handel te dryf om 'n wins te maak nie, maar die beleggings-komitee het 'n aktiewe beleggingsbeleid gevolg ten einde maksimum dividende te verdien. In die hofuitspraak is bevind dat die maatskappy twee oogmerke gehad het in verkryging van die aandele, eerstens om dividendinkomste te verkry en tweedens om 'n wins met verkoop van aandele te maak. Die koop en verkoop van aandele is nie gesien as 'n toevallige aktiwiteit nie, maar as 'n sekondêre bedoeling en deel van sy besigheid. Die aandeelwinste is van inkomste-aard beskou en belas (Emslie *et al.*, 1994:186)

Coetzee (1992:77) is van mening dat die rede waarom die Inkomste-owerhede telkens poog om die sekondêre bedoeling te belas is omdat daar nie 'n belasting op kapitaalwinste in Suid-Afrika is nie, soos wat dit ook voorheen in ander lande gebeur het:

> "In a Canadian case which was decided in 1985 there was a clear suggestion that the cases prior to the taxation of capital gains in 1971, relating to the secondary intention rule, may have been too zealous in finding a gain to be income rather than capital, otherwise the taxpayer would escape tax entirely."

Dit blyk dus dat maatskappye anders beoordeel word as individue, dit wat in die akte van oprigting en notuleboeke staan, die bedoeling van direkteure en aandeelhouers, asook die geskiedenis van die maatskappy en handelinge van direkteure en die maatskappy speel 'n deurslaggewende rol. By individue word baie staatgemaak op dit wat die individu aanvoer as motivering vir sy handelinge.

### 2.2.6 ANDER OORWEGINGS

Daar bestaan verskeie ander oorwegings, waarvan die belangrikste faktore wat in ag geneem word om die bedoeling vas te stel, volgens Huxam & Haupt (1994:34-35) se bespreking die volgende is:

- Die belastingpligtige se *ipse dixit*

  Die belastingpligtige se persoonlike getuienis is van wesenlike belang, en dit word as deurslaggewend beskou indien ander getuienis dit nie weerlê nie. Met betrekking tot Malan v KBI (1983(3) SA 1(A), 45 SATC 59) sê Meyerowitz & Spiro (1993:859)

  > "the court said in relation to the taxpayer's *ipse dixit* that it was proper to say that because the taxpayer was in the unfavourable position of having to discharge the onus of proving the assessment wrong, it was in the interest of fairness that his evidence and his credibility should be weighed with great care and that a finding of credibility can be conclusive."

- Periode waarvoor die bate gehou is

  Die periode van besit kan wel 'n riglyn wees om te bepaal wat die bedoeling was. In gevalle waar die bedoeling was om dit vir 'n kort tydperk te hou, het die hof beslis dat dit nie as 'n kapitale bate beskou kan word nie (ITC 1418 (1986), 49 SATC 42). Die tydperk wat 'n bate gehou word is egter nie noodwendig 'n aanduiding van die belasbaarheid daarvan nie (Divaris & Stein, 1994:3-77)

- Veelvuldige transaksies

  Bates wat gereeld deur die belastingpligtige gekoop en verkoop word, dui gewoonlik op die inkomste-aard daarvan, terwyl enkele transaksies gewoonlik op die kapitale aard dui.

  In Stephan v CIR (1919 WLD 1, 32 SATC 54) is 'n enkele transaksie om 'n wrak te herwin egter belas, aangesien dit 'n skema van winsbejag was.

- Aard van belastingpligtige se besigheid

  Waar 'n belastingpligtige alreeds handel dryf in 'n spesifieke soort bate, sal dit moeilik wees om die hof te oortuig dat so 'n transaksie kapitaal van aard is. In SIR v The Trust Bank of Africa Ltd (1975(2) SA 652(A), 37 SATC 87) het die belastingpligtige die hof egter oortuig dat die koop en verkoop van 'n spesifieke aandeel nie belasbaar moet wees nie.

  "The Special Court's finding that the taxpayer acquired the shares for the purpose of extending its income-producing concern rather than for the purpose of a profit-making scheme, and that they constituted a capital asset the proceeds of the sale of which were of a capital nature, was reasonably supported by the evidence and could accordingly not be disturbed". (Emslie *et al.*, 1994:192)

- Vloei van inkomste

  'n Kapitale bate word normaalweg gekoop om inkomste daaruit te verdien. Indien daar nie inkomste verdien word uit 'n bate nie, kan dit aanvaar word dat die bate aangekoop is om wins te maak met die verkoop daarvan, en die bate sal eerder van inkomste-aard as van kapitale aard beskou word. In ITC 1525 (1991, 54 SATC 209) het 'n belastingpligtige belê in krugerrande, en dieselfde argument het gegeld by die bepaling van die belasbaarheid daarvan:

  "The krugerrands, said the court, had no income-producing capacity and their only economic utility was that they could be turned into cash". (Divaris & Stein, 1994:3-72)

  Die belegging is gemaak om eendag òf in sy besigheid òf vir sy oudag gebruik te word, en hy het dit toe verkoop om in sy besigheid te belê. Die hof het ook beslis dat hy moes voorsien dat hy dit eendag sal verkoop. Hul vervolg:

> "...if he contemplated a sale, he must also have contemplated a profit. The proceeds arising upon their disposal were accordingly held to be income rather that capital".

- Rede vir verkoop

  Indien 'n belegging gemaak word as 'n langtermynbelegging maar dit word vroeër verkoop, moet die hof oortuig word dat die feit dat dit verkoop is, nie teenstrydig is met die oorspronklike bedoeling by verkryging van die bate nie. In ITC 1526 (1991, 54 SATC 216) het 'n nuutgestigte maatskappy 'n eenmalige belegging in krugerrande gemaak, met die doel om dit as belegging te hou vir die eienaar se kinders, as alternatief tot vaste eiendom en as beskerming teen inflasie. Dit is egter verkoop oor 'n vier jaar tydperk om 'n oortrokke rekening van 'n nuwe projek te verminder. Divaris & Stein (1994:3-72) lewer as volg kommentaar:

  > "Altogether unsurprisingly, the court held that the taxpayer's contention that the krugerrands had been acquired with a degree of permanency was unsupported."

  Die hof het ook beslis dat die belegging gemaak is omdat die moontlikheid van 'n waardevermeerdering bestaan het, en die wins is belas as inkomste.

## 2.3 SAMEVATTING

Daar is nie net een toets wat uitgevoer kan word om die aard van 'n wins te bepaal nie. Al die omringende omstandighede en getuienis van elke geval word gesamentlik beoordeel alvorens bepaal kan word of 'n wins van inkomste of kapitale aard is. Selfs die wyse waarop 'n wins in die finansiële state, notules en korrespondensie hanteer is, kan 'n rol speel by die beoordeling daarvan.

In COT v Booysen's Estate Ltd (1918 AD 576, 32 SATC 10) word dit soos volg deur Wessels R weergegee:

> "It is true that there is no definite test that can always be applied in order to determine whether a gain or profit is income or not, but it may safely be asserted that the revenue or profit which is derived from a thing without its changing owners is rather to be considered as income than as capital".

Kleynhans (1979:55) som die toetse wat gedoen word om te bepaal of 'n wins kapitaal van aard sal wees of nie, soos volg op:

> "Die goue draad wat deur al die genoemde toetse loop, is die bepaling van die belastingbetaler se bedoeling. In Suid-Afrika word dit beskou as die sekerste metode om te bepaal of 'n aanwins belasbaar sal wees. Daarom is elkeen van die ander toetse 'n hulpmiddel om te bepaal met watter bedoeling die belastingpligtige opgetree het."

# HOOFSTUK 3

# DIE BELASTING OP KAPITAALWINSTE IN ENKELE OORSESE LANDE

## 3.1 INLEIDING

Die kapitaalwinsbelasting wetgewing soos dit tans toegepas word in die Verenigde Koninkryk word as basis geneem vir hierdie bespreking.[1] Ooreenkomste en verskille met soortgelyke wetgewing in ander lande en navorsing wat in Suid-Afrika gedoen is word ondersoek, ten einde in 'n latere hoofstuk gevolgtrekkings te kan maak oor 'n voorgestelde kapitaalwinsbelasting vir Suid-Afrika.

Die verskillende eienskappe van 'n kapitaalwinsbelasting word elk afsonderlik bespreek.

## 3.2 BASIS VAN AANSPREEKLIKHEID

Aanspreeklikheid vir belasting word normaalweg bepaal deur twee beginsels, naamlik verblyf of bron van inkomste. In die Verenigde Koninkryk word kapitaalwinsbelasting gehef op persone woonagtig of normaalweg woonagtig in die land. Nie-inwoners is ook belasbaar op bates wat gebruik is vir 'n bedryf wat beoefen word in die Verenigde Koninkryk deur 'n tak, of Verenigde Koninkryk bates gehou vir doeleindes van die tak. (Tiley, 1989:506)

Persone woonagtig in die Verenigde Koninkryk en Kanada is ook onderhewig aan kapitaalwinsbelasting op 'n wêreldbasis, dit wil sê kapitaalwinste wat buite hul land van verblyf verdien word, is ook belasbaar in hul land van verblyf. (Coetzee, 1990:65) Dieselfde beginsel word toegepas in Australië (Krever, 1992:238).

Uit bostaande blyk dit dat nie slegs in geval van verblyf in die Verenigde Koninkryk daar 'n aanspreeklikheid ontstaan vir kapitaalwinsbelasting op wêreldwye kapitaalwinste nie, maar dat ook in geval van die beoefening van 'n bedryf in die Verenigde Koninkryk 'n aanspreeklikheid vir kapitaalwinsbelasting ontstaan.

In Zimbabwe word aanspreeklikheid vir Kapitaalwinsbelasting op bron van inkomste gebaseer, en is verblyf nie 'n kriterium nie (Zimbabwe, 1992:705, Artikel 8(1)(a)).

Hierdie benadering word gebaseer op die beginsel dat die hulpbronne van 'n land aanleiding gee tot die inkomste, en dat die inkomste in daardie land belas behoort te word, in teenstelling met die beginsel dat 'n belastingpligtige die beskerming geniet van die land waarin hy woon, en dat verblyf die kriterium moet wees. Normale inkomstebelasting word in Suid-Afrika ook op die bron gegrond, met 'n paar spesifieke uitsonderings (Huxam & Haupt, 1994:15).

## 3.3 AFTREKBAARHEID VAN UITGAWES

Die volgende is aftrekbare uitgawes by berekening van kapitaalwinste in die Verenigde Koninkryk (Tiley, 1989:601)

- die koopprys betaal met verkryging van die bate (waar die bate nie gekoop is, maar verkry is deur byvoorbeeld 'n donasie, word die markwaarde met verkryging as aftrekking toegelaat)
- addisionele koste met verkryging insluitend professionele fooie en oordragskoste
- die koste aangegaan met verbeterings aan die bate
- koste aangegaan in beskerming van die regte oor die bate
- verkoopskoste van die bate wat insluit advertensie- en regskoste.

Geen bedryfsuitgawes byvoorbeeld onderhoudskoste aan die bate, rente betalings en versekering is aftrekbaar nie. Hierdie uitsluiting is van krag, ongeag of die bedryfsuitgawes wel as 'n aftrekking teen bedryfsinkomste toegelaat is of nie. (Tiley, 1989:602)

Uit bostaande kan die afleiding gemaak word dat slegs kapitale uitgawes wat betrekking het op die bate onderhewig aan kapitaalwinsbelasting aftrekbaar is by berekening van kapitaalwinsbelasting.

Hierdie benadering stem ooreen met die stelsel in Australië (CCH Australia LTD., 1985:46) en Zimbabwe (Pinder, 1985:359-360).

Die Franzsen-kommissie (1968:62) beveel aan dat al die uitgawes aftrekbaar in die Verenigde Koninkryk as aftrekbare uitgawes in Suid-Afrika toegelaat moet word, maar brei dit uit na "expenses incurred which are regarded as essential to owning or retaining the asset". Hier word eiendomsbelasting, verbandrente en soortgelyke uitgawes ingesluit, op voorwaarde dat sodanige uitgawes nie as 'n aftrekking toegelaat is vir bepaling van normale belasting nie, of uitgawes van 'n persoonlike of huishoudelike aard is nie.

In die verklarende memorandum by die ongepubliseerde konsepwet[2] (1979:24) word eiendomsbelasting slegs toegelaat indien dit onverbeterde eiendom is en die eiendom nie bewoon is nie, terwyl die rente slegs toegelaat word gedurende periodes wat die eiendom onbewoon is.

## 3.4 JAARLIKSE TOELAAG EN VRYSTELLING

Ten einde die administrasie van kapitaalwinsbelasting te verminder, word daar in sommige lande 'n jaarlikse bedrag vrygestel van kapitaalwinsbelasting. In die Verenigde Koninkryk is daar in 1989-1990 'n bedrag van £5 000 vasgestel waarop individue nie belas word nie. Hierdie bedrag word gekoppel aan 'n indeks om voorsiening te maak vir inflasie, en word pro-rata verdeel tussen eggenote volgens hul netto kapitaalwinste (Tiley, 1989:506) Hierdie vrystelling is ook aan boedels beskikbaar (Tiley, 1989:548), asook aan trusts (Slegs £2 500 in sekere gevalle) (Tiley, 1989:557).

Die eerste DM 1000 kapitaalwins van 'n individu in Duitsland is vrygestel van kapitaalwinsbelasting, (Price Waterhouse, 1993b:129) terwyl die eerste MK 2 500 per bate gerealiseer deur 'n individu in Malawi die vrystelling geniet (Price Waterhouse, 1993b:227).

Kanada staan aan individue 'n lewenslange kumulatiewe vrystelling van Kanadese $100 000 toe. Hierdie vrystelling is sedert 1 Maart 1992 nie meer van toepassing op eiendom wat nie in 'n bedryf gebruik word nie (Price Waterhouse, 1993b:55).

Om individue aan te moedig tot entrepreneurskap en hul by te staan om familiebesighede uit te bou, word in sekere lande verligting verleen. Kanada staan 'n addisionele lewenslange kumulatiewe vrystelling van Kanadese $400 000 toe vir kapitaalwinste op kwalifiserende plaaseiendom en aandele in klein bedryfsentiteite (Price Waterhouse, 1993b:56).

## 3.5 KAPITAALVERLIESE

Kapitaalverliese mag in die Verenigde Koninkryk afgetrek word van kapitaalwinste in dieselfde jaar, en surplusverliese mag oorgedra word na die volgende jare. (Tiley, 1989:504) In die jaar van afsterwe mag surplus kapitaalverliese teruggedra word na die vorige drie jare (Tiley, 1989:550).

In die Verenigde State van Amerika mag maatskappye kapitaalverliese terugdra na die vorige drie jare vir afsetting teen kapitaalwinste en die oorblywende verlies mag oorgedra word na die volgende vyf belastingjare. 'n Individu mag kapitaalverliese net oordra na die volgende jare, maar vir 'n onbepaalde tydperk. (Gird, 1986:85) By die beëindiging van 'n trust of boedel mag ongebruikte kapitaalverliese oorgedra word na die begunstigdes wat dit as kapitaalverliese mag aanwend (Zaritsky & Bremer, 1982:399).

Swede laat aan maatskappye kapitaalverliese op aandele en obligasies toe, maar slegs as 'n aftrekking teen kapitaalwinste op aandele en obligasies (Price Waterhouse, 1993a:540).

Die Franzsen-kommissie (1968:63) het aanbeveel dat kapitaalverliese afgetrek word van kapitaalwinste in die huidige jaar, en dat die surplus kapitaalverliese oorgedra word na die volgende jare vir aftrekking teen toekomstige kapitaalwinste.

## 3.6 VERKOOP VAN BATES

Die verkoop van 'n bate kan baie vorms aanneem, en dit is daarom nodig om te kyk, benewens die normale verkooptransaksie, na die gevalle wat geag word ook verkoop van 'n bate te wees.

Skenkings word beskou as geagte verkope vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes in die Verenigde Koninkryk. (Tiley, 1989:540) Volgens dieselfde bron word 'n testamentêre skenking egter nie as verkope beskou nie.

Volgens wetgewing in Australië word alle skenkings as geagte verkope beskou, maar daar is 'n terugploeg bepaling[3] van toepassing by testamentêre skenkings (Krever, 1992:239).

Versekeringseise ontvang vir vergoeding as gevolg van verlies of skade aan bates asook skadevergoeding toegestaan deur 'n hof is in die Verenigde Koninkryk onderhewig aan Kapitaalwinsbelasting (Tiley, 1989:532).

Transaksies wat nie tot die uiterste beding is nie, word as geagte verkope beskou teen die markwaarde van die bate onder dieselfde wetgewing (Tiley, 1989:540).

## 3.7 PAAIEMENTVERKOPE

In die ongepubliseerde konsepwet (1979:81) was daar voorsiening gemaak dat 'n belastingbetaler, indien hy 'n transaksie aangegaan het wat belasbaar is onder die kapitaalwinsbelastingwetgewing en 'n substansiële gedeelte daarvan is eers na 18 maande ontvangbaar, aansoek kan doen dat 'n gedeelte van die inkomste geag word om eers in die latere jare ontvang te wees.

Hierdie uitstel sou egter volgens die diskresie van die Kommissaris van Binnelandse Inkomste toegestaan word in gevalle waar hy dit goedkeur, en geen vaste formule is voorgestel nie.

Die Verenigde State van Amerika se kapitaalwinsbelasting wetgewing maak voorsiening dat 'n verkoper van vaste eiendom die keuse mag uitoefen om belas te word op die kapitaalwins in die jare wat die paaiemente ontvang word, bereken volgens die verhouding van die jaarlikse paaiemente teenoor die totale verkoopprys. (Zaritsky & Bremer, 1982:264-267)

## 3.8 ONGEREALISEERDE WINSTE

Kapitaalwinste word normaalweg net belas wanneer dit gerealiseer is. Die Verenigde Koninkryk en Kanada volg ook hierdie beleid. (Coetzee, 1990:114) Om ongerealiseerde kapitaalwinste te belas sou baie administratiewe probleme veroorsaak, deurdat bates jaarliks waardeer sal word. Likiditeit sou ook 'n groot probleem wees, aangesien belastingpligtiges eers met realisasie van die bate die belasting kan betaal. (Coetzee, 1990:118)

Switzerland is 'n uitsondering deurdat die toename in waarde van besigheidsbates by die besigheidsinkomste getel word. Die boekwinste en bedryfswinste word gevolglik bymekaar getel en in totaal belas. (Coetzee, 1990:14)

Die motivering om ongerealiseerde kapitaalwinste te belas is dat dit onregverdig is om 'n kapitaalwins wat oor 'n aantal jare gegroei het, in totaal te belas met realisasie. (Coetzee, 1990:118)

Die Margo-kommissie (1986:230) was van mening dat dit "beslis nie uitvoerbaar" is om ongerealiseerde winste te belas nie.

## 3.9 GEDEELTELIKE VERKOPE

Gedeeltelike verkope vind plaas wanneer slegs 'n gedeelte van 'n bate of 'n reg oor 'n bate verkoop word. Wanneer die koste van die verskillende komponente maklik identifiseerbaar is ontstaan daar geen probleem nie, maar waar die komponente as 'n eenheid gekoop is, moet daar nou 'n verdeling van kostes gemaak word.

So 'n verdeling word in die Verenigde Koninkryk gemaak waar byvoorbeeld 'n eiendom vir woondoeleindes aangekoop is, en 'n deel daarvan later vir ontwikkelingsdoeleindes verkoop word. Die oorspronklike koste moet proporsioneel verdeel word tot die verkoopprys van die een deel wat vir ontwikkeling aangewend word, en die markwaarde van die oorblywende deel. (Tiley, 1989:537)

## 3.10 VERKOPE VOOR EN TYDENS OORSESE VERBLYF

Daar bestaan in die Verenigde Koninkryk drie reëls met betrekking tot buitelandse kapitaalwinste tydens oorsese verblyf:

- Persone wat immigreer na die Verenigde Koninkryk word belas op alle kapitaalwinste in die buiteland vanaf datum van immigrasie. Indien hul immigreer vanaf 'n land waar daar nie kapitaalwinsbelasting van krag is nie, sou hul nie onderhewig wees aan kapitaalwinste voor datum van immigrasie nie. Alle kapitaalverliese wat hul maak op buitelandse bates na datum van immigrasie sal in die Verenigde Koninkryk aftrekbaar wees van kapitaalwinste. (Eastaway & Young, 1992:66)
- 'n Oorsese besoeker wat later woonagtig of normaalweg woonagtig in die Verenigde Koninkryk word is vrygestel van kapitaalwinsbelasting op buitelandse kapitaalwinste, op voorwaarde dat hy 'n domicilie buite die Verenigde Koninkryk het en dat die kapitaalwinste nie oorgeplaas word na die Verenigde Koninkryk nie. (Eastaway & Young, 1992:68)
- Geen kapitaalwinsbelasting word in die Verenigde Koninkryk gehef op kapitaalwinste wat 'n terugkerende nie-inwoner in die buiteland verdien het tydens die jaar wat hy terugkeer na die Verenigde Koninkryk op voorwaarde dat hy vir 'n aaneenlopende tydperk van ten minste 36 maande 'n nie-inwoner was. Korttermyn nie-inwoners is gevolglik slegs onthef van genoemde kapitaalwinste in die jaar wat hulle glad nie 'n inwoner van die Verenigde Koninkryk is nie. (Eastaway & Young, 1992:112)

## 3.11 KORTTERMYN- EN LANGTERMYNKAPITAALWINSTE

Die Verenigde Koninkryk was die eerste om 'n gegewe minimum houtydperk as maatstaf te gebruik om te onderskei tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste, wat dan teen verskillende koerse belas word. (Kleynhans, 1979:208) Kleynhans noem verder dat dit 'n ongesonde indeling is vanweë sy ontmoedigende invloed op investering en vrye kapitaalvloei, en dat dit aanleiding gee tot belastingontduiking. (1979:208)

Coetzee (1990:53) is van mening dat die nadele verbonde aan so 'n onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste meer is as die voordele daarvan.

Gedurende 1971 is die onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste in die Verenigde Koninkryk verwyder en word daar geen verdere onderskeid gemaak nie, terwyl Kanada nog nooit enige onderskeid gemaak het nie. (CCH Australia LTD., 1985:15)

Van die lande wat wel 'n onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste maak is volgens Price Waterhouse die volgende:

- Frankryk: Korttermyn (binne 2 jaar) belas as normale inkomste, langtermyn langer as 2 jaar. (1993a:178)
- Denemarke: Alle kapitaalwinste word belas as normale inkomste, aandelewinste is na 3 jaar belastingvry. Na 3 jaar word kapitaalwinste op vaste eiendom verminder met 20 % per jaar, wat meebring dat dit na 7 jaar belastingvry is. (1993a:138)
- Verenigde State van Amerika: Korttermyn binne 12 maande, daarna langtermyn. (1993a:600)

Die Franzsen-kommissie (1968:54) het in hul verslag aanbeveel dat bates wat na 9 jaar verkoop word gladnie onderhewig moet wees aan kapitaalwinsbelasting nie. Hul was van mening dat die spekulatiewe eerder as die beleggings-element in kapitaaltransaksies belas behoort te word.

## 3.12 TEENVERMYDINGSMAATREëLS

In die Verenigde Koninkryk bestaan 'n aantal teenvermydingsmaatreëls om transaksies wat ten doel het om belasting te vermy, teen te werk. Die belangrikste hiervan is die volgende: (Gird, 1986:62)

- Waarde verskuiwings: Sekere transaksies wat nie normale verkope is nie word geag verkope vir doeleindes van kapitaalwinsbelasting te wees. Dit is gewoonlik transaksies tussen verbonde persone.
- Waar bates binne 'n groep van maatskappye oorgeplaas word teen waardes minder as die redelike markwaarde, word verliese slegs erken in die mate wat die Inkomste owerhede dit as redelik beskou.
- Eiendom wat aangekoop word met die hoofdoel om wins met die verkoop daarvan of wins na die ontwikkeling daarvan te maak, of wat as handelsvoorraad aangekoop word, word belas as normale inkomste.
- Die toestaan van 'n huurkontrak aan 'n verbonde persoon vir geen of 'n onvoldoende premie word geag vervreem te wees vir 'n redelike bedrag.
- Waar 'n persoon wat 'n maatskappy beheer van die reg om dit te beheer afstand doen sonder vergoeding, en sodoende poog om die waarde van sy aandeelbelegging te verminder, vind 'n geagte verkoping plaas.

Soortgelyke teenvermydingsmaatreëls bestaan in die Verenigde State van Amerika. 'n Paar voorbeelde daarvan is die volgende:

- As een party 'n bate oordra aan 'n ander as vereffening van 'n eis teen eersgenoemde, het 'n transaksie plaasgevind en daar word geag dat 'n wins of verlies gerealiseer is. (Zaritsky & Bremer, 1982:66)
- 'n Transaksie wat gestruktureer word as 'n huurkontrak maar in werklikheid 'n verbloemde verkooptransaksie is, kan geag word 'n verkoop van 'n bate te wees. (Zaritsky & Bremer, 1982:105)
- Wanneer aandele teen 'n wins verkoop word, word die wins as kapitaal van aard beskou ongeag die feit dat die verkoping 'n reg tot toekomstige inkomste verteenwoordig. Indien deel van die verkoopprys vorige opgelope inkomste verteenwoordig, is daardie deel inkomste van aard. (Zaritsky & Bremer, 1982:132)

## 3.13 TRUSTS

In die Verenigde Koninkryk val kapitaalwinste en verliese toe aan die trustees van 'n trust, soos wat dit sou toeval aan 'n individu wat sy portefeulje bestuur. Die kapitaalwinsbelasting is betaalbaar deur die trustees uit die fondse van die trust. (Eastaway & Young, 1992:88)

Die trustees van die trust word beskou as 'n enkele, voortdurende entiteit en word in daardie hoedanigheid belas. (Gird, 1986:42)

Wanneer bates toegeken word aan 'n begunstigde of hy 'n onvoorwaardelike reg verkry op die bate, word dit beskou as 'n geagte vervreemding en is die trust belasbaar op enige moontlike kapitaalwins. (Eastaway & Young, 1992:88)

Die waarde waarteen 'n geagte verkoping of vervreemding plaasvind, is die markwaarde van die trustbate op datum van die verkoping of vervreemding. (Tiley, 1989:562)

In die Verenigde State van Amerika bestaan daar maatreëls om die uitbuiting van die laer belastingkoers wat 'n trust mag betaal teenoor die koers van 'n individu, te vermy. Indien 'n bate aan 'n trust geskenk word, en dit word binne twee jaar teen 'n wins verkoop, is die trust aanspreeklik vir belasting daarop teen die koers wat die skenker sou betaal indien hy die bate behou en self verkoop het. (Zaritsky & Bremer, 1982:397)

## 3.14 MAATSKAPPYE

Aangesien maatskappye in die Verenigde Koninkryk nie onderhewig is aan 'n aparte kapitaalwinsbelasting koers nie, word kapitaalwinste ingesluit by die berekening van normale belasbare inkomste. (Price Waterhouse, 1993a:592)

Daar bestaan spesiale reëls vir die oorplasing van bates tussen maatskappye wat lede is van dieselfde groep in die Verenigde Koninkryk

> "Capital asset transfers within a group in which the principal member of the group owns directly or indirectly at least 75 % of the ordinary share capital of its subsidiaries do not attract capital gains tax". (Gird, 1986:43)

By sodanige oorplasings word daar geen wins of verlies bereken by die maatskappy wat die bate oordra nie en by die maatskappy wat die bate ontvang word die bate geag teen die oorspronklike kosprys aangekoop te wees. (Price Waterhouse, 1991:165)

Met die likwidasie van 'n maatskappy word al die kapitale verdelings as geagte verkope van die maatskappy beskou, en die maatskappy is onderhewig aan kapitaalwinsbelasting op sodanige winste. (Gird, 1986:44)

## 3.15 VERBONDE PERSONE

Waar 'n transaksie tussen verbonde persone plaasvind in die Verenigde Koninkryk, word dit beskou as 'n transaksie wat nie tot die uiterste beding is nie. So 'n transaksie word geag plaas te vind teen die markwaarde van die bate.

Indien 'n verlies ontstaan by so 'n transaksie tussen verbonde persone, selfs nadat die geagte markwaarde in berekening gebring is, mag sodanige verlies slegs afgetrek word van winste wat ontstaan as gevolg van ander transaksies tussen dieselfde partye. (Tiley, 1989:544)

In Zimbabwe bestaan daar ook spesifieke bepalings waar bates verkoop word tussen maatskappye wat onder dieselfde beheer is en die transaksie plaasvind by rekonstruksie of amalgamasie of soortgelyke omstandighede. Die betrokke maatskappye mag die keuse uitoefen dat die transaksie geag word plaas te vind teen bedrae van toelaes wat voorheen toegestaan is, maar indien die bate later aan 'n buitestaander verkoop word, word die kapitaalwins bereken asof die bate die hele tyd in besit van die oorspronklike maatskappy was. (Pinder, 1985:364)

## 3.16 VENNOOTSKAPPE

In die Verenigde Koninkryk word vennote individueel belas op kapitaalwins transaksies, en nie die vennootskap nie. Dit word geag dat elke vennoot 'n proporsionele deel van elke bate besit, en aankope en verkope daarvan word toegedeel aan die vennote. (Tiley, 1989:594)

Wanneer 'n verandering in die winsverdelingsverhouding plaasvind, insluitende die wysiging in belange by die toetrede van 'n vennoot, word die wysiging geag plaas te vind teen 'n vergoeding wat nie aanleiding gee tot 'n wins of verlies nie. Hierdie vergoeding mag egter vervang word met markwaarde indien die Inkomste-owerhede van mening is dat dit nie 'n transaksie is wat tot die uiterste beding is in geval van vennote wat ook familielede is, of waar die vergoeding nie bepaalbaar is nie, asook in gevalle waar klandisiewaarde betaal word wat nie in die vennootskapstate verantwoord is nie. (Tiley, 1989:595-596)

Dieselfde beginsels is ook van toepassing by vennootskappe in die Verenigde State van Amerika. (Zaritsky & Bremer, 1982:400)

## 3.17 INDIVIDUE

In die Verenigde Koninkryk is verblyf die maatstaf om te bepaal of 'n individu onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting.[4] Die man en vrou kan apart aangeslaan word vir kapitaalwinsbelasting, maar die algemene reël is dat hul gesamentlik aangeslaan word. (Gird, 1986:42)

Wanneer die man en vrou nie albei inwoners van die Verenigde Koninkryk is nie, word hul aangeslaan asof hul ongetroud is. Indien 'n man en vrou bates oorplaas tussen mekaar is dit nie 'n geagte lewering vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes nie, ongeag of albei inwoners is of nie. Dit blyk dat kapitaalwinsbelasting vermy kan word indien bates eers oorgeplaas word na 'n eggenoot wat 'n nie-inwoner is, alvorens dit verkoop word. (Eastaway & Young, 1992:66)

Van die 115 verskillende lande wat deur Price Waterhouse ondersoek is, was daar 42 lande (36,5%) waar individue nie onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting nie (1993b:1-425), teenoor die 27 lande (23,8%) waar maatskappye nie onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting nie. (1993a:1-640)

## 3.18 VRYGESTELDE ORGANISASIES

Alhoewel liefdadigheidsorganisasies normaalweg vrygestel is van kapitaalwinsbelasting, is enige kapitaalwins wat voortspruit uit 'n bedryf wat deur so 'n organisasie beoefen word, wel onderhewig aan belasting in die Verenigde Koninkryk. Gird (1986:53) noem die volgende organisasies wat ook vrygestel is:

- Plaaslike owerhede, wetenskaplike navorsings organisasies en verenigings sonder winsoogmerk,
- Geregistreerde vakbonde,
- Effekte- en Beleggingstrusts,
- Goedgekeurde pensioenfondse.

In Australië word gemeld dat dieselfde argumente wat geld vir die vrystelling van organisasies van normale inkomstebelasting, ook geld om hul vry te stel van kapitaalwinsbelasting, en dat sodanige organisasies en verenigings daarom ook nie aan kapitaalwinsbelasting onderhewig sal wees nie. (CCH Australia LTD., 1985:41)

## 3.19 VERLIGTING MET AFTREDE

Verligting bestaan vir individue wat in die Verenigde Koninkryk aftree nadat hul die ouderdom van 60 jaar bereik het of as gevolg van swak gesondheid op 'n vroeëre ouderdom, en besigheidsbates van 'n wesenlike bedrag verkoop. (Tiley, 1989:586-589) Hierdie verkoping kan die totale of 'n gedeelte van 'n besigheid wees, maar kan ook uit een of meer bates bestaan wat op die datum wat die besigheid gestaak is, in die besigheid gebruik was. Die verligting is ook van toepassing op vennootskappe.

Een van die voorwaardes is dat die bates binne 'n jaar nadat die besigheid gestaak is verkoop moet word, en dat die persoon die besigheid moes besit het vir ten minste 'n jaar voor dit gestaak is.

Indien die persoon die besigheid vir 10 jaar besit het, is die eerste £125 000 kapitaalwins belastingvry, en die volgende £375 000 word teen 50% belas. Vir tydperke van minder as 10 jaar wat hy die besigheid besit het, word die voordeel proporsioneel aangepas.

Hierdie verligting is nie van toepassing op bates soos aandele of ander bates wat as beleggings gehou is nie.

Die verligting is egter wel van toepassing wanneer dit die verkoop van aandele is in 'n maatskappy wat die besigheid besit het, en die maatskappy 'n handelsmaatskappy is wat:

- die individu se familiemaatskappy is, of
- 'n lid van 'n handelsgroep is waarvan die houermaatskappy sy familiemaatskappy is.

In hierdie geval moes die individu 'n voltydse werkende direkteur van die maatskappy of een of meer maatskappye in die groep wees. Die individu moes ook ten minste 25% van die stemreg, of ten minste 5% van die stemreg indien hy en lede van sy familie gesamentlik ten minste 51% van die stemreg in die familiemaatskappy beheer, besit het om vir die verligting te kwalifiseer.

**AANTEKENINGE:**

1. Bespreek in paragraaf 1.3
2. Bespreek in paragraaf 1.4
3. Bespreek in paragraaf 4.5
4. Bespreek in paragraaf 3.2

# HOOFSTUK 4

# DIE KOERS VAN KAPITAALWINSBELASTING EN DIE BELASBAARHEID VAN SPESIFIEKE TIPE BATES

## 4.1 KOERS VAN KAPITAALWINSBELASTING

Daar bestaan verskillende benaderings in oorsese lande ten opsigte van die belastingkoers waarteen kapitaalwinste belas word. In die Verenigde Koninkryk is aanvanklik 'n vaste koers van 30% gehef op alle kapitaalwinste. Vanaf 1988 is dit gewysig sodat kapitaalwinste belas word teen normale belastingkoerse. 'n Individu se belasbare kapitaalwinste word beskou as die boonste gedeelte van sy inkomste vir berekening van die kapitaalwinsbelasting (Tiley, 1989:506) Maatskappye se koers is tans 33%. (Price Waterhouse, 1993a:592). Van die 115 lande wat deur Price Waterhouse ondersoek is was daar:

- 88 (77%) lande waar maatskappye onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting, en in 67 (76%) van hierdie lande word kapitaalwinste getel by normale inkomste en belas volgens normale belastingskale. (1993a:1-640)
- 73 (63%) lande waar individue onderhewig is aan kapitaalwinsbelasting, en in 51 (70%) van hierdie lande word kapitaalwinste getel by normale inkomste en belas volgens normale belastingskale. (1993b:1-425)

Sommige lande hef vaste koerse op kapitaalwinste, soos Zimbabwe waar alle kapitaalwinste op vaste eiendom en aandele belas word teen 30%. (Price Waterhouse, 1993a:636 en 1993b:423)

In Frankryk word die maatskappy korttermynkapitaalwinste belas as normale inkomste (teen 33,33%) en die langtermynkapitaalwinste teen 18%. Die uitsondering is dat waardevermindering wat voorheen afgeskryf en nou verhaal word as korttermynkapitaalwinste belas word, en dat langtermynkapitaalwinste op sekere aandelebeleggings teen 33,33% belas word. (Price Waterhouse, 1993a:179) Die individue se koers op kapitaalwinste uit eiendomstransaksies word verminder, gebaseer op die tydperk wat die eiendom besit is.

Kapitaalwinste uit aandeletransaksies wat sekere bedrae oorskry is onderhewig aan 'n 16% belastingkoers plus 'n toeslag van 2,1%, en waar meer as 25% belang gehou is in 'n ongenoteerde maatskappy, is die wins belasbaar ongeag wat die bedrag is. (Price Waterhouse, 1993b:119)

'n Verdere voorbeeld van 'n ander benadering tot kapitaalwinsbelasting vind ons in Griekeland. Kapitaalwinsbelasting koerse vir verskillende tipe bates verskil van mekaar. So is handelsmerke en patente belasbaar teen 30%, klandisiewaarde en 'n wins met verkoop van 'n besigheid word belas teen 20%. Aandelewinste is nie belasbaar indien dit gereserveer word om toekomstige aandeelverliese te dek nie. Vaste eiendom word belas volgens die aantal jare wat die houtydperk was, die koerse wissel van 25% vir eiendom wat binne 5 jaar verkoop word, tot 10% vir eiendom wat langer as 20 jaar besit is. (Price Waterhouse, 1993a:214)

Sommige lande belas slegs 'n persentasie van kapitaalwinste, wat dan by normale belasbare inkomste getel word en teen normale koerse belas word. So 'n voorbeeld is Kanada, wat slegs 75% van kapitaalwinste belas. (Price Waterhouse, 1993a:89) Coetzee (1990:171) is van mening dat 'n kapitaalwinsbelasting teen 'n vaste koers die volgende voordele inhou:

- Dit is 'n effektiewe metode om nie-inwoners te belas, omrede hulle ander inkomste normaalweg onbekend is.
- As 'n aparte belasting sal dit maklik wees om die opbrengs van kapitaalwinsbelasting te bepaal.
- Dit is 'n maklike metode en daar is geen onsekerheid nie.
- Belastingvermyding word in 'n sekere mate vermy deurdat belastingbetalers nie aangemoedig word om bates te realiseer in jare wat die ander inkomste baie laag is nie.

Hy voel die grootste nadeel is dat die lae-inkomste belastingpligtige wat 'n klein kapitaalwins maak, nou teen 'n hoër koers belasting sal betaal as wanneer dit by sy ander inkomste getel word en hy op 'n glyskaal belasting betaal.

## 4.2 KOERS VAN NORMALE BELASTING

Die feit dat 'n groot persentasie van die lande kapitaalwinste by die normale inkomste tel[1] en dan teen normale koerse belas, beteken nie dat daar pariteit tussen daardie lande bestaan ten ospigte van die belasting wat op kapitaalwinste betaal word nie.

Wat byvoorbeeld belasting op individue betref, meld Dr. Azar Jammine (1993:S20) die volgende verskille tussen normale belasting betaalbaar in verskillende lande:

- Die steilheid van die belastingkurwe, dit wil sê die probleem dat individue die topkoers so gou bereik. In 1990 het Suid-Afrika nog 19 belastingskale gehad, wat in 1991 tot 15 en in 1992 tot 10 verminder is. Dit beteken dat 'n hoër belastingskaal betree word elke keer as die bruto jaarlikse inkomste met tussen R5 000 tot R10 000 verhoog. In die Verenigde State van Amerika is daar net drie en in die Verenigde Koninkryk is daar net twee belastingskale.
- Suid-Afrikaners bereik die top-belastingskaal met 'n jaarlikse belasbare inkomste van R80 000 (getroude persone), R56 000 (ongetroude persone) en R50 000 (getroude vroue), terwyl dit in die Verenigde Koninkryk bereik word met R90 000, in die Verenigde State van Amerika met R120 000, in Japan met R250 000 en in Duitsland met R300 000.
- Bogenoemde twee faktore het tot gevolg dat die middel-inkomstegroepe se marginale inkomste as volg belas word:

    - Op 'n belasbare inkomste bo R30 000: Suid-Afrika 28%, Verenigde Koninkryk 25%, Duitsland 20%, Verenigde State van Amerika 15%.
    - Op 'n belasbare inkomste bo R50 000: Suid-Afrika 41%, Verenigde Koninkryk 25%, Duitsland 22%, Verenigde State van Amerika en Japan 15%.

Die topkoerse is as volg: Suid-Afrika 43%, Verenigde Koninkryk 40%, Duitsland 53%, Verenigde State van Amerika 31%, Japan 50%. (Price Waterhouse, 1993b: 130-405).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar aansienlike verskille bestaan tussen belastingkoerse op normale belasbare inkomste in die verskillende lande.

## 4.3 BELASBAARHEID VAN BATES EN SEKERE TOEVALLINGS

Sommige lande soos Zimbabwe belas net kapitaalwinste op spesifieke tipe bates, naamlik onroerende eiendom en aandele. (Price Waterhouse, 1993a:636 en 1993b:423) Hierdie benadering is baie beperkend, aangesien dit alle ander tipe kapitaalwinste uitsluit, maar dit het die voordeel dat dit administratief maklik toegepas kan word.

Baie ander lande se benadering is omvattend en sluit alle kapitaalwinste, behalwe spesifieke tipe kapitaalwinste wat vrygestel word, in. Die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika is van die lande wat hierdie benadering volg.

Winste met verkoop van bates kan soms as kapitaal van aard beskou word, en in ander omstandighede nie. Zaritsky & Bremer (1982:26) lys die volgende faktore wat daarop dui dat bates primêr gehou word vir verkope aan kliënte in die normale gang van sake, en daarom nie kapitaal van aard is nie:

- Verkope in klein hoeveelhede, eerder as grootmaat verkope,
- Verkope aan verskillende kopers, eerder as aan dieselfde kopers,
- Uitgebreide advertensie dat die items te koop is,
- Opknapping van bates voor verkope.

Die volgende bates is in sommige lande vrygestel van kapitaalwinsbelasting:

### 4.3.1 PRIVAAT WONING

In die Verenigde Koninkryk is kapitaalwinste op die enigste of primêre woonhuis geheel of gedeeltelik vrygestel van belasting. Dit is 'n voorwaarde dat die woning wel gebruik was as primêre woonplek. Die belastingvrye voordeel verminder in die volgende gevalle: (Tiley, 1989:518-522)

- Indien die woning net vir 'n gedeelte van die tydperk van eienaarskap self bewoon is, word die voordeel proporsioneel tot die totale tydperk verminder.
- Indien die totale erf tesame met die woonhuis verkoop word, en dit is kleiner as een akker, (0,405 hektaar) is dit ook vrygestel. 'n Groter erf sal slegs vrygestel wees indien die Inkomste-owerhede tevrede is dat dit noodsaaklik was, beoordeel teenoor die grootte en karakter van die woning. Indien 'n deel van die erf apart van die woning verkoop word, kan dit egter belasbaar wees.

- Indien die woning verkry is met die uitsluitlike doel om wins te maak met verkoop, is die kapitaalwins belasbaar.
- Waar 'n gedeelte van die woning uitsluitlik vir besigheidsdoeleindes gebruik is, sal 'n verdeling gemaak word, en 'n gedeelte van die kapitaalwins is belasbaar.
- 'n Individu mag net een vrygestelde woning besit, indien hy meer as een besit, moet hy 'n keuse uitoefen watter een die primêre woonhuis is.

Kanada, Australië, Botswana en Fidji se winste met verkoop van 'n primêre woonhuis word ook nie belas nie. In Zimbabwe word dit wel belas, maar indien die verkoopsopbrengs in 'n volgende woonhuis teruggeploeg word [2], word die belasting uitgestel. (Fölscher, 1993:18)

In die Verenigde State van Amerika is 'n kapitaalwins op 'n primêre eiendom belasbaar, maar dit kan ook uitgestel word[3] indien die woning vir ten minste agtien maande bewoon was, en 'n nuwe primêre woning aangekoop en bewoon word binne 'n vasgestelde tydperk vir 'n prys ten minste gelyk aan die vorige verkoopprys. (Zaritsky & Bremer, 1982:288)

### 4.3.2 AANDELE

Uit 'n ondersoek wat die Fédération Internationale Des Bourses De Valeurs (1991:00/03-00/04) gedoen het oor die belasbaarheid van kapitaalwinste op aandele in 31 lande, blyk die volgende wat individue betref:

- 10 Lande: Nie belasbaar.
- 2 Lande: Kapitaalwinste van genoteerde aandele nie belasbaar nie.
- 6 Lande: 'n Vaste koers is van toepassing.
- 4 Lande: Belasbaar ongeag die houtydperk.
- 6 Lande: Onderskeid word gemaak tussen korttermynwinste (onderhewig aan normale belasting) en langtermynwinste (belastingvry of gedeeltelik vrygestel).
- 2 Lande: Verskillende hantering geld ten opsigte van individue wat as aandelehandelaars beskou word.
- 1 Land (Verenigde Koninkryk): Kapitaalwinste belas teen die hoogste marginale koers van belasting.

In 9 van die lande is daar vrystellings of aftrekkings van verskillende bedrae van toepassing op kapitaalwinste. Wat die maatskappye betref, is die algemene reël dat kapitaalwinste op aandele onderhewig is aan die normale maatskappy belastingkoers.

Die belasbaarheid van aandele in die Verenigde Koninkryk word deur Gird (1986:50) as volg opgesom:

> "Generally, most gains on shares and securities are taxable to capital gains tax no matter how many transactions have been effected during a year. A person who is a recognised 'trader' in shares, such as a stockbroker, will, however, be subject to income tax."

In die Verenigde State van Amerika moet 'n belastingpligtige binne 'n maand na aankoop van aandele die keuse uitoefen of dit vir beleggings- of vir handelsdoeleindes aangekoop is. Beide handelaars en beleggers is geregtig op kapitaalwins hantering. Winste met die verkoop van aandele binne ses maande na aankoop word beskou as normale inkomste, ongeag die aard van die transaksie. (Gird, 1986:80)

### 4.3.3 BATES MET 'N BEPERKTE LEWENSDUUR

In die Verenigde Koninkryk word dit ("Wasting Assets") gedefinieer as 'n bate met 'n verwagte bruikbare lewensduur van 50 jaar of minder. (Gird, 1986:51) Voorbeelde van hierdie tipe bates sluit in sekere patentregte, kopieregte, opsies en lewensreg op eiendom waar die lewensverwagting minder as 50 jaar is.

Aanleg en Masjinerie word altyd geag om 'n lewensduur van minder as 50 jaar te hê. Waar 'n tasbare roerende bate verkoop word vir minder as £6 000, is dit vrygestel van kapitaalwinsbelasting. Indien die verkoopprys £6 000 oorskry, word die wins op die normale wyse bereken, maar die belasbare gedeelte word beperk tot vyf derdes van die verskil tussen die verkoopprys en £6 000. Hierdie verligting geld nie vir bates waarop kapitale toelaes geeïs is of geeïs kon word nie. (Tiley, 1989:516)

Wanneer bates verkoop word waarop daar voorheen waardevermindering afgeskryf is, word die waardevermindering en toelaes voorheen afgeskryf as normale inkomste belas. Enige kapitaalwins wat op so 'n bate gemaak word, sal die bedrag wees wat verhaal word minus die oorspronklike kosprys, aangepas vir indeksering[4].

Waar sodanige bates teen 'n verlies verkoop word, sal dit 'n bedryfsverlies wees, en geen verlies ontstaan vir kapitaalwinsbelasting doeleindes nie. (CCH Australia Ltd., 1985:37)

### 4.3.4 REG OP GEBRUIK VAN EIENDOM

Die waarde van die reg op gebruik van 'n eiendom ("Leasehold Land") verminder oor die termyn wat dit gebruik word, maar nie noodwendig op 'n gelyke basis oor die tydperk van die reg nie. Daar is 'n tabel vasgestel in die Verenigde Koninkryk waarin die persentasie afskrywing bepaal word. Hiervolgens word die verkrygingskoste en addisionele uitgawes oor die oorblywende tydperk van die reg toegedeel ten einde die koste te bepaal by die verkoping van so 'n reg. (Gird, 1986:46)

### 4.3.5 PRIVAAT MOTORVOERTUIG

Privaat motorvoertuie ontwerp vir die vervoer van passasiers word in die Verenigde Koninkryk vrygestel van kapitaalwinsbelasting. Hierdie uitsluiting sluit ook veteraanmotors in wat aangekoop is as 'n belegging, maar dit sluit nie 'n ambulans of 'n bus in nie. (Tiley, 1989:512)

### 4.3.6 PERSOONLIKE BATES

Australië, wie se beginsel op dié van Kanada gebaseer is, verdeel persoonlike bates in twee kategorieë: (Krever, 1992:234-235)

- Gelyste bates wat ook versamelitems genoem kan word, en dit sluit skilderye, juweliersware, antieke items, seël- en muntversamelings in. Kapitaalwinste op hierdie items is belasbaar, terwyl verliese onbeperk oorgedra kan word en net aftrekbaar is teen kapitaalwinste op gelyste bates.

- Ongelyste bates wat alle ander persoonlike bates insluit, dit word gewoonlik aangewend vir die private gebruik van die eienaar en sy familie. Die koste van hierdie items word geag om ten minste $5 000 te wees, wat beteken dat net die deel van die verkoopprys bo $5 000 'n moontlike kapitaalwins kan veroorsaak. Dit verseker dat goedkoper items belastingvry sal wees, en net duurder items soos bote, vakansiehuise en soortgelyke items, wat moontlik in waarde kan toeneem, belasbaar sal wees.

4.3.7 VERSEKERING

Die opbrengs van annuïteite en lewensversekeringspolisse is in Australië vrygestel. (CCH Australia Ltd., 1985:23) Indien die reg op 'n lewenspolis verkry word deur 'n ander persoon as die oorspronklike begunstigde in ruil vir geld of bates, sal die opbrengs wel onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting in die Verenigde Koninkryk. (Tiley, 1989:513) Versekeringseise vir persoonlike beserings is ook in Australië vrygestel van kapitaalwinsbelasting. (Krever, 1992:242)

4.3.8 DOBBELWINSTE

Dobbelwinste is vrygestel in die Verenigde Koninkryk (Tiley, 1989:512) en Australië. (Krever, 1992:242)

4.3.9 TOEKENNINGS VIR DAPPERHEID

Opbrengste uit die verkoop van dekorasies en toekennings vir dapperheid is vrygestel in die Verenigde Koninkryk (Tiley, 1989:513) en Australië. (Krever, 1992:242)

4.3.10 HANDELSVOORRAAD

By oorplasings van kapitaalbates na handelsvoorraad vind daar 'n geagte verkoping teen markwaarde plaas. In sekere gevalle is dit in die Verenigde Koninkryk toelaatbaar om so 'n bate oor te plaas teen die oorspronklike kosprys. (Tiley, 1989:580)

## 4.4 INDEKSERING

In tye van inflasie ontstaan daar inflasionêre skynwinste wat, indien daar geen aanpassing daarvoor gemaak word nie, beteken dat alhoewel die belastingbetaler dalk geen reële groei van sy bates gehad het nie, hy nogtans op die inflasionêre skynwinste belas word.

Een metode om dit teen te werk is om die koers van belasting te verminder volgens die tydperk wat die bate gehou word, soos wat dit in Frankryk en Griekeland toegepas word [5].

'n Ander metode is om slegs 'n gedeelte van die kapitaalwins te belas, en dit dan by ander inkomste te tel, soos in Kanada[6].

Die meer algemene metode is om 'n indeks vas te stel waarvolgens die kospryswaarde van die bates aangepas word alvorens 'n kapitaalwins bereken word. Die berekening geskied deur die proporsionele verhoging in die indeks tussen die datum van aankoop of inwerkingtreding en die datum van verkoop te bereken. (Tiley, 1989:610)

Om die beginsel te illustreer word die volgende voorbeeld gegee van 'n bate wat vir R40 000 gekoop word wanneer die indeks 100 is, en vir R50 000 verkoop word wanneer die indeks 120 is:

| | |
|---|---|
| Verkoopprys | R50 000 |
| Min: Kosprys | 40 000 |
| Wins voor indeksering toegepas is | R10 000 |
| Indeksering toelaag | |
| (120-100) ÷ 100 = 0.2 | |
| R40 000 x 0.2 | R8 000 |
| Belasbare wins na indeksering | R2 000 |

In die Verenigde Koninkryk word indeksering nie toegepas in gevalle waar die indeks op datum van verkoop kleiner is as die indeks op datum van aankoop of in werkingtreding nie. Wanneer daar verbeterings aangegaan is, word die indeksering op die aankoopprys en verbeterings op elke komponent apart bereken volgens die datums wat die verbeterings plaasgevind het. (Tiley, 1989:611)

By berekening van aandeelwinste moet die berekening gedoen word op elke datum wat daar 'n toevoeging of verkoping in die aandeelportefeulje plaasgevind het. (Tiley, 1989:566)

Alhoewel kapitaalwinsbelasting gedurende 1965 ingestel is in die Verenigde Koninkryk, is indeksering eers in 1982 ingestel. Vir verkope na 6 April 1988 word inflasiewinste voor 1982 uitgeskakel deurdat bates wat op 31 Maart 1982 besit was, geag word om op daardie datum verkoop en teruggekoop te wees teen markwaarde, en die indeksering toelaag word op die hoogste van genoemde markwaarde of oorspronklike kosprys gebaseer. Die belastingpligtige word belas op die metode wat die voordeligste resultaat vir hom lewer. (Tiley, 1989:614)

Die verbruikersprysindeks word gebruik in lande soos Australië, Cyprus, Mexico en die Verenigde Koninkryk, terwyl die inflasiekoers gebruik word in lande soos Fidji, Indië, Ierland, Malawi, Rusland en Tanzanië. Zimbabwe gebruik 'n vaste koers van 10% per jaar, terwyl Botswana hul vaste koers van 10% per jaar op vaste eiendom sedert 1982 vervang het met die verbruikersprysindeks. Portugal stel 'n spesiale prysindeks vas wat na twee jaar op eiendom toegepas word. (Price Waterhouse, 1993a:1-640)

In die Verenigde State van Amerika word daar geen voorsiening gemaak vir indeksering nie. (Gird, 1986:123)

Feenberg & Summers het in hul artikel oor hoe belastinghervorming in Amerika die belastingpligtiges kan beïnvloed, die volgende afleidings gemaak:

> "Indexation yields greater benefits to lower income taxpayers than a general capital gains exclusion because they typically hold assets longer before selling them, and because they typically enjoy smaller gains than higher income taxpayers." (1990:2)

Hul is van mening dat slegs 'n klein voordeel wat uit indeksering sal voortvloei, klein besighede en risiko kapitaal sal bevoordeel:

> "27 percent of the benefit of inflation indexing goes to owners of corporate stock and 56 percent to owners of land and real estate. On the other hand, an across the board capital gains exclusion favors stockholders (42 percent of the benefit) at the expense of real estate investors (35 percent)." (1990:4)

## 4.5 TERUGPLOEG BEPALING

By 'n terugploeg bepaling ("Roll-over") word die realisering van 'n kapitaalwins geïgnoreer mits dit binne 'n vasgestelde tyd herbelê word in soortgelyke bates. Die belastingaanspreeklikheid word hierdeur nie vrygespring nie, maar net uitgestel tot 'n latere geleentheid.

Indien 'n fabrieksgebou byvoorbeeld verkoop word vir R4 000 000 wanneer die indeks 150 is, en dit aangekoop is vir R1 000 000 terwyl die indeks 125 was, is die belasbare kapitaalwins as volg:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Verkoopprys | | | R4 000 000 |
| Min: | Kosprys | R1 000 000 | |
| | Indeksering toelaag | | |
| | (150-125) ÷ 125 = 0.2 | | |
| | 0.2 x R1 000 000 | R 200 000 | R1 200 000 |
| Belasbare kapitaalwins | | | R2 800 000 |

Wanneer die opbrengs belê word in 'n ander fabrieksgebou van R10 000 000, sal die belastingposisie as volg wees:

| | | |
|---|---|---|
| Aankoopprys nuwe fabrieksgebou | | R10 000 000 |
| Min: | Terugploeg toelaag vorige fabrieksgebou | R 2 800 000 |
| Belastingbasis van nuwe gebou | | R 7 200 000 |

In hierdie geval is daar nou geen belasbare kapitaalwins nie, en die belastingwaarde van die nuwe fabrieksgebou is verminder.

In die Verenigde Koninkryk word bepaal dat die terugploeg toelaag verminder word indien die aankoopprys van die nuwe bate kleiner is as die verkoopprys van die ou bate, en dit word ook verminder waar die bate nie vir die hele tydperk in die bedryf aangewend is nie, of 'n deel van die bate vir nie-bedryfsdoeleindes aangewend is. (Tiley, 1989:583)

Die Verenigde Koninkryk stel as vereiste dat die nuwe bate aangekoop moet word binne een jaar voor en drie jaar nadat die ou bate verkoop is, alhoewel die Inkomste-owerhede 'n verlenging kan toestaan. Die bates wat daarvoor kwalifiseer is die volgende:

- Grond en geboue gebruik vir bedryfsdoeleindes
- Masjinerie en toerusting
- Skepe, vliegtuie en sweeftuie
- Klandisiewaarde. (Gird, 1986:55)

Die terugploeg toelaag kan ook aangewend word in gevalle waar 'n eenmansaak as 'n lopende saak verkoop word aan 'n maatskappy, en die eienaar nou die aandele verkry in ruil vir die besigheid. Wetgewing in die Verenigde Koninkryk bepaal dat al die besigheidsbates verkoop moet word, maar nie noodwendig ook al die verpligtinge oorgeneem hoef te word nie. (Tiley, 1989:581)

Terugploeg bepalings is ook van toepassing in Australië, België, Duitsland, Nederland en Portugal. (Price Waterhouse, 1993a:1-640)

In die Verenigde State van Amerika kan die wins op 'n privaat woning teruggeploeg word in 'n nuwe woning, en belasting sodoende vermy word. (Gird, 1989:83)

## 4.6 WAARDASIE VAN BATES

Australië het, met die implementering van hul kapitaalwinsbelasting in 1985, alle bates wat voor daardie datum aangekoop is vrygestel van kapitaalwinsbelasting. Dit het meegebring dat daar geen waardasies nodig was van bates wat voor daardie datum aangekoop is nie, maar het ander probleme veroorsaak.

Benewens die ingewikkelde teenvermydingsmaatreëls wat in wetgewing vasgelê moes word, het hul ook te doen met die "toesluit-effek" ("lock-in effect") wat behels dat die belegger so lank moontlik sy belasting-vrygestelde belegging behou, terwyl hy op suiwer ekonomiese oorwegings die bate sou verkoop het. (Krever, 1992:233) Dit belemmer die vrye markmeganisme, maar kan in 'n mate oorkom word deur terugploeg bepalings[7].

Die Franzsen-Kommissie (1968:55) het in hul voorstelle aanbeveel dat Suid-Afrika dieselfde beleid moet volg, naamlik dat alle bates besit op die implementeringsdatum vrygestel moet wees.

Die Verenigde Koninkryk belas wel bates wat voorheen besit is. Hul het met die instelling van kapitaalwinsbelasting in 1965 bepaal dat die waarde van bates op daardie datum bepaal kan word deur die verdelingsbasis, gebaseer op die tydperk wat die bate gehou word, met die veronderstelling dat 'n wins gelykmatig toeval oor die periode van eienaarskap, of die markwaarde op daardie datum. (Gird, 1986:110)

Kanada het by die implementeringsdatum 'n waardasiedag uitgeroep, en slegs 'n styging in waarde daarna is belas. Fidji aanvaar 'n eweredige styging in die waarde vanaf verkryging tot op datum van realisasie, en belas slegs stygings sedert implementeringsdatum. Botswana pas onroerende eiendom se kosprys aan met 10% per jaar tot op die implementeringsdatum. (Fölscher, 1993:17-18)

**AANTEKENINGE:**

1. Bespreek in paragraaf 4.1
2. Bespreek in paragraaf 4.5
3. Bespreek in paragraaf 4.5
4. Bespreek in paragraaf 4.4
5. Bespreek in paragraaf 4.1
6. Bespreek in paragraaf 4.1
7. Bespreek in paragraaf 4.5

# HOOFSTUK 5

# ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN EN TEEN DIE INSTELLING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING

## 5.1 WEERSTAND TEEN BELASTING

Alvorens daar verdere nuwe belastings ingestel word, moet daar gekyk word na die redes waarom belastingpligtiges alreeds 'n weerstand opgebou het teen die betaling van belasting.

Coetzee (1993b:6) noem die volgende objektiewe faktore wat daar bestaan:

- Belastingpligtiges is van mening dat die belasting nie effektief en verantwoordelik spandeer word nie. Berigte oor wanaanwending van fondse dra by tot hierdie siening.
- Gebreke in gesondheidsorg, opleiding en swak infrastruktuur veroorsaak dat belastingpligtiges voel hul kry nie waarde vir hul belastinggeld nie.
- Die invordering van belasting is nie na wense nie en te veel belastingbetalers ontduik belasting[1].
- Belastingpligtiges verstaan nie hoe om hul belastingverpligting te bereken nie, en die belastingvorm word gesien as 'n dokument wat ontwerp is om hom "uit te vang".
- Die regering se belofte om die belastinglas van individue te verlig word nie uitgevoer nie.
- Ons belastingstelsel word gesien as deel van die apartheidstelsel.
- Die belastinglas word primêr deur individue in die middel-inkomstegroep gedra met min of geen vooruitsig op 'n vermindering daarvan[2].
- Blokkruiping het tot gevolg dat die na-belaste inkomste daal en belastingpligtiges verarm, nieteenstaande salarisverhogings.
- Belasting word in baie gevalle terugwerkend ingestel.
- Die belastinglas word nie eweredig versprei nie, en baie sektore van die bevolking betaal geen belasting nie.

Van die belasting wat in die 1993 belastingjaar ingevorder is, het net 1,5 % van die bevolking van Suid-Afrika 51,7% van die totale persoonlike inkomstebelasting betaal. 56,3% Van alle belastingbetalers het 11,7% daarvan betaal. 39% Van die totale inkomste van die staat het bestaan uit persoonlike inkomstebelasting. Hierdie inligting soos verskaf deur Deloitte & Touche en aangehaal deur Curt von Keyserlingk (1994b:S1) staaf die bewering dat die belastinglas nie eweredig versprei word nie.

Die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (Sabek) meld in hulle voorstelle aan die Katz-kommissie, wat die belastingstelsel van Suid-Afrika ondersoek, 'n voorbeeld van hoe blokkruiping veroorsaak dat die belasting bly styg, en die besteebare inkomste sodoende verminder. 'n Getroude belastingbetaler wat vir die 1995 belastingjaar R95 814 verdien, se belastingkoers is 30,3%. Hierdie belastingbetaler het sedert 1981 verhogings gelyk aan die inflasiekoers ontvang, maar in 1981 was sy belastingkoers slegs 13,8%. (Von Keyserlingk, 1994a:S1) Dit bevestig die bewering dat die na-belaste inkomste daal en belastingpligtiges verarm, nieteenstaande salarisverhogings.

## 5.2 OPBRENGS VAN KAPITAALWINSBELASTING

Mnr Martin Grote, Adjunk-direkteur van die Eenheid vir Fiskale Ontleding van die Department van Finansies, is van mening dat die instel van kapitaalwinsbelasting in Suid-Afrika sowat R330 miljoen tot R1 miljard sal lewer. Dit verteenwoordig sowat 0,1% tot 0,3% van die Bruto Binnelandse Produk, teenoor die sowat 0,46% van die Bruto Binnelandse Produk wat kapitaalwinsbelasting in die Verenigde State van Amerika verteenwoordig.

Hy is verder van mening dat die instel van 'n staatslotery 'n inkomste van R4 miljard tot R5 miljard per jaar kan lewer, en dat die inkomste wat uit kapitaalwinsbelasting verdien kan word, die instel van kapitaalwinsbelasting nie regverdig nie. (Badenhorst, 1993:20)

Om die moontlike inkomste uit kapitaalwinsbelasting in perspektief te stel, kan ons dit vergelyk met die inkomste wat verdien word uit Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW). Die verwagte inkomste uit BTW vir 1994/95 is R28,6 miljard. (Willemse, 1994:6). Dit is gebaseer op 'n BTW koers van 14 % wat beteken dat 'n wysiging van 0,5% in die BTW koes ongeveer R1 miljard inkomste verteenwoordig, gelykstaande aan die maksimum wat uit kapitaalwinsbelasting verkry kan word.

Die instel van 'n kapitaalwinsbelasting sal noodwendig 'n groter las op invordering van belasting lê terwyl daar alreeds 'n behoefte aan beter belastinginvordering bestaan[3]. Prof. Dennis Davis is van mening dat doeltreffender belastinginvordering tans R3 miljard tot R5 miljard addisionele belastinginkomste kan lewer. (Waters, 1994:S4)

Dit is noodsaaklik dat die opbrengs wat 'n kapitaalwinsbelasting kan lewer opgeweeg word teen die ander moontlikhede hierbo genoem alvorens daar 'n besluit oor die instelling daarvan geneem word.

## 5.3 ARGUMENTE TEEN DIE INSTELLING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING

Daar is in die verlede al geweldig baie argumente geopper oor die nadele wat 'n kapitaalwinsbelasting vir Suid-Afrika mag inhou. Ten einde dit te beoordeel, word daardie argumente hier aangehaal, en daarna word gekyk na die argumente ten gunste van die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting.

Die Margo-kommissie (1986:230-231) het in sy meerderheidsaanbeveling teen die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting besluit, en meld die volgende argumente teen die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting:

- Een van die vernaamste besware is dat dit kapitaalvorming sal belemmer terwyl kapitaalvorming noodsaaklik is vir die ontwikkeling van die ekonomie.
- Baie lande laat verbruikersrente op bates wat nie by die voortbrenging van inkomste gebruik word nie toe as 'n uitgawe, soos rente op privaat wonings en voertuie. Wanneer sulke uitgawes afgetrek word van belasbare inkomste, is dit moeilik om te argumenteer dat 'n wins met verkoop van die bate nie belasbaar is nie. "Hierdie faktor, eerder as enige besorgdheid oor billikhied, is verantwoordelik vir baie van die kapitaalwinswetgewing in ander jurisdiksies".
- Kapitaalwinsbelasting veroorsaak dat bates waarvan die waarde gestyg het, nie verkoop word nie[4], wat die markte kan verwring. 'n Oplossing is om ongerealiseerde winste te belas, wat weer nie uitvoerbaar is nie[5].
- Dit lewer 'n lae opbrengs as gevolg van terugploeg bepalings[6] wat die belasting uitstel, en die vrystelling van items soos persoonlike wonings[7].
- Rykes kan dit bekostig om bates onbepaald terug te hou, en sodoende die belasting uit te stel. Wanneer hul wel verkoop, beskik hul oor verliese wat die winste neutraliseer[8]. Die nie-rykes word wel belas, omdat hul moet verkoop ten einde die kontant te bekom.

- Ten einde billik te wees, moet indeksering vir inflasie[9], wat ingewikkeld kan wees, toegepas word.
- Komplekse wetlike vrystellings ten opsigte van rekonstruksie van maatskappye is nodig.
- Om beleggings te lok sal buitelanders wat Suid-Afrikaanse bates verkoop, vrygestel word. Dit sal belastingskuilings skep wat deur Suid-Afrikaners misbruik kan word.
- Omdat privaat wonings waarskynlik vrygestel sal word, sal daar, soos in Europa en Amerika, 'n neiging na groter wonings wees.
- Onproduktiewe bates soos juweliersware[10] sal bevoordeel word, aangesien dit moeilik sal wees om dit te belas.
- Waar bedryfsbates vervang word, sal die terugploeg bepaling[11] veroorsaak dat 'n groeiende uitstel van belastingaanspreeklikheid ontstaan, "wat uiteindelik die finansiële posisie van besighede sal verswak en 'n kunsmatige behoefte sal skep om geïnvesteer te bly".
- In 'n groepstruktuur kan opstapeling van winste tot dubbelbelasting lei, wat ingewikkelde wetgewing sal vereis om dit te vermy. Die moedermaatskappy kan belas word "op die verkope teen 'n wins van 'n filiaalmaatskappy wie se aandele in waarde gestyg het vanweë 'n kapitaalwins waarop hy reeds belasting betaal het".

"Kapitaalwinsbelasting pas nie by 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika nie, omdat dit entrepreneurs afskrik" is die mening van Rossouw (1992:24). Hy is van mening dat ons eerder toegewings nodig het om buitelandse beleggers te lok.

Kourie (1994:S5) voel dat kapitaalwinsbelasting "te ingewikkeld is vir 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika" want dit "is 'stelsel intensief' en benodig nie net inligting oor die huidige aankoopbedrag nie, maar ook 'n betroubare verwysing na die oorspronklike aankoopprys". Daar sal ook "duur waardasie-meganismes" nodig wees.

Friedland stem saam dat dit administratief moeilik hanteerbaar is: "It is also clear that there are manifold administrative difficulties in collecting capital taxes." (1979:211)

Mnr Danie Uys (1993:9) skets die probleem van addisionele belastings as volg:

- "Die Kommisaris van Binnelandse Inkomste vind dit moeilik om onder die huidige beperkings waaronder dit opereer doeltreffend bestaande belastings te vorder.
- Implementering van enige nuwe belastings sal noodwendig tot gevolg hê dat:
- bestaande hulpbronne weggeskuif word van die administrasie van bestaande belastings, met 'n verdere verlaging in doeltreffendheid, of
- wesentlike verdere hulpbronne sal aan die Kommisaris van Binnelandse Inkomste toegeken moet word."

Prof Michael Katz sê "lesse uit die buiteland leer dat dit nie 'n belangrike bron van inkomste is nie. Trouens dit ontmoedig die begin van nuwe ondernemings. Suid-Afrika wil graag 'n gegoede swart middelklas op die been bring maar hulle sal juis die slagoffers van dié vorm van belasting wees". (Schmidt, 1992:S3)

Costa Divaris (1977:186) voorsien dat die instelling van 'n kapitaalwinsbelasting of welvaartbelasting nie 'n verlaging in ander belasting sal meebring nie. Hy sê dat inkomstebelasting dramaties verlaag is met die instelling van verkoopbelasting, en vervolg:

> "In the very next year taxes began to creep up, and by the second year they had reached their previous level before the introduction of the sales tax, which, of course, is still with us. This particular reform of our system of taxation was not merely abandoned: it actually left taxpayers as a whole in a worse position than before. In the same way, I fear, the introduction of some form of capital tax would mean not a fairer distribution of the tax burden but an increased burden for taxpayers in general."

Divaris (1980:14-15) is van mening dat die hoë-inkomstegroep belastingbetalers, wat 'n belangrike bron van inkomste vir die staat is, alreeds hoë belastings betaal, en dat daar twyfel bestaan of kapitaalwinsbelasting enige ekonomiese voordeel sal hê. "My conclusion is that if a capital gains tax is introduced in South Africa it will serve as nothing more than a political gesture to show that the state is not unduly favouring the 'rich'".

## 5.4 ARGUMENTE TEN GUNSTE VAN DIE INSTELLING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING

Die Margo-kommissie (1986:230) noem die volgende argumente wat ten gunste van die heffing van 'n kapitaalwinsbelasting is:

- Die vermoë-om-te-betaal beginsel[12] bepaal dat wins van enige aard die belastingpligtige se boedel vergroot, en dat dit daarom billik sal wees om alle winste te belas.
- Dit sal horisontale sowel as vertikale billikheid bevorder[13] en daarom ongelykhede in die verdeling van inkomste en rykdom verminder.
- Dit sal vermydingskemas wat inkomste in kapitaalwins omskep minder aantreklik maak.
- Dit sal "die vermyding van inkomstebelasting bestry in die sin dat inligting oor kapitaalwins help om 'n beeld van die eienaarskap en waarde van bates op te bou."

Die minderheidsaanbeveling van die Margo-kommissie (1986:231-232) was dat kapitaalwinsbelasting wel ingestel moet word, omdat billikheid die beslissende faktor moet wees. Hul was van mening dat die vrystelling van kapitaalwinste welgestelde persone bevoordeel, omrede hul oor meer kapitaalbates beskik. Hul steun 'n selektiewe kapitaalwinsbelasting wat slegs transaksies in eiendom en aandele belas.

Gedurende 1979 het die destydse Minister van Finansies hom as volg oor die billikheid van kapitaalwinsbelasting uitgelaat:

> "Sight is quite often lost of the fact that while normal earnings are fully taxed, capital gains which also do add to the wealth of the recipient, escape tax completely. This to me is not altogether fair. I feel we should seek a just balance." (Meyerowitz, 1979a:61)

Indien kapitaalwinsbelasting ingestel word, sal belasting oor 'n breër basis gehef word. Die feit dat kapitaalwinste nie meer belastingvry is nie, sal beteken dat dit nie meer so aanloklik sal wees om in kapitaalbates te belê nie, wat kan lei tot 'n verhoging in inkomstebelasting.

Op 'n vraelys oor kapitaalwinsbelasting wat die Suid-Afrikaanse Besigheidskamer (1994) aan ouditeursfirmas in 31 oorsese lande gestuur het, is die volgende antwoorde op van die vrae ontvang:

- "What is your estimate of the costs of collection in relation to revenue realised by Government from the tax?" High 2, Medium 11, Low 21.
- "In relation to other taxes payable is the taxation of capital gains reasonable or excessive?" Reasonable 38, Excessive 3.
- "In your opinion, is the cost of compliance with capital gains tax in terms of the taxpayer's resources high, medium or low?" High 5, Medium 22, Low 13.
- "Is the tax, in your opinion, to any extent a deterrent to foreign investment in your country?" Yes 9, No 34.

Uit bostaande reaksie is dit duidelik dat daar, in lande waar kapitaalwinsbelasting van toepassing is, aanvaarding van die belasting is en dat hul van mening is dat dit nie buitelandse beleggings verminder nie.

## 5.5 GEVOLGTREKKING

Dit is my mening dat, in 'n ontwikkelende ekonomie soos in Suid-Afrika, waar werkskepping en groei van ons grootste prioriteite behoort te wees, die nadele as gevolg van die instelling van kapitaalwinsbelasting baie meer as die voordele verbonde daaraan sal wees. 'n Addisionele belasting sal as afskrikmiddel dien vir nuwe buitelandse beleggers en ek is ook van mening dat dit ons inflasiekoers kan verhoog omdat spekulante 'n na-belaste wins wil maak, en pryse van kapitaalgoedere as gevolg daarvan sal verhoog. Hierdie nadele kan nie opweeg teen die relatief klein verwagte opbrengs van kapitaalwinsbelasting nie, en ek is daarom van mening dat kapitaalwinsbelasting nie in Suid-Afrika ingestel moet word nie.

Volgens Prof. Jack Heyns is daar tekens in verskeie oorsese lande dat hul kapitaalwinsbelasting wil afskaf, maar dat dit weens politieke redes nie gedoen kan word nie. "Dit is juis die waarneming daarvan as 'n regverdige belastingstelsel wat die nadele soos onder meer die definiëring daarvan kan oorskadu en wat ook aanleiding kan gee tot die instelling daarvan in Suid-Afrika." (Badenhorst, 1993:20) In Kenia is kapitaalwinsbelasting inderdaad afgeskaf vanaf 14 Junie 1985. (Price Waterhouse, 1993a:312)

Ek is van mening dat Suid-Afrika ook, soos die meeste oorsese lande[14], mettertyd kapitaalwinsbelasting sal instel, en wy die volgende hoofstuk aan die belangrikste vereistes waaraan dit moet voldoen ten einde werklik 'n regverdige belasting te wees.

**AANTEKENINGE:**

1. Bespreek in paragraaf 1.5
2. Bespreek in paragraaf 4.2
3. Bespreek in paragraaf 1.5
4. Bespreek in paragraaf 4.6
5. Bespreek in paragraaf 3.8
6. Bespreek in paragraaf 4.5
7. Bespreek in paragraaf 4.3.1
8. Bespreek in paragraaf 3.5
9. Bespreek in paragraaf 4.4
10. Bespreek in paragraaf 4.3.6
11. Bespreek in paragraaf 4.5
12. Bespreek in paragraaf 1.6
13. Bespreek in paragraaf 1.6
14. Bespreek in paragraaf 4.1

# HOOFSTUK 6

# IMPLEMENTERING VAN 'N KAPITAALWINSBELASTING IN SUID-AFRIKA

## 6.1 INLEIDING

Die sukses van 'n kapitaalwinsbelasting lê na my mening daarin dat dit nie te ingewikkeld is om te verstaan en toe te pas nie, maar ook nie te eenvoudig dat dit maklik omseil kan word nie.

Dit is belangrik dat die wetgewing omvattend is ten einde onduidelikhede uit te skakel, en dit is daarom noodsaaklik dat dit oor die nodige teenvermydingsmaatreëls beskik. Die verskillende eienskappe en vereistes van 'n voorgestelde kapitaalwinsbelasting vir Suid-Afrika word hierna bespreek.

## 6.2 BASIS VAN AANSPREEKLIKHEID[1]

Dit is my mening dat Suid-Afrika se basis van aanspreeklikheid behoort te verander van bron van inkomste, soos dit tans is, na plek van permanente verblyf, omrede dit in ooreenstemming is met ons vernaamste handelsvennote, onder andere die Verenigde Koninkryk en Kanada.

Die AHI ondersteun hierdie beginsel in hul belastingvoorstelle aan die Katz-Kommissie, wie aangestel is om voorstelle te maak oor die belastingstelsel:

> " 'n Ander saak waaroor die AHI sterk voel, is dat die Katz-Kommissie ook ondersoek moet instel na die wenslikheid van 'n stelsel waarby Suid-Afrikaanse belastingbetalers, soos in die meeste ander lande in die wêreld, by hul plek van permanente verblyf op al hul internasionale inkomste belas word en nie net op die inkomste uit plaaslike bronne nie". (Gous, 1994a:1)

## 6.3 AFTREKBAARHEID VAN UITGAWES[2]

Dit word aanbeveel dat die koopprys van 'n bate, wat insluit addisionele koste van verkryging en verbeterings aangegaan, aftrekbaar moet wees as 'n uitgawe teen die verkoopprys van so 'n bate. Alle koste wat betrekking het op die verkooptransaksie soos advertensie en kommissie, behoort ook aftrekbaar te wees.

Dit is belangrik dat uitgawes wat vir bedryfsdoeleindes afgetrek is nie ook vir kapitaalwinsbelastingdoeleindes afgetrek kan word nie, maar daar behoort voorsiening gemaak te word dat uitgawes, soos eiendomsbelasting en verbandrente, as 'n aftrekbare uitgawe beskou kan word vir tydperke wat 'n eiendom byvoorbeeld geen inkomste lewer nie omdat dit onbewoon is.

Die wetgewer sal baie spesifiek moet wees ten einde te verhoed dat so 'n bepaling uitgebuit word, en die belastingpligtige sal verplig moet word om voldoende bewyse voor te lê ten einde sodanige bedryfskoste as 'n aftrekbare uitgawe te kan eis.

## 6.4 JAARLIKSE TOELAAG EN VRYSTELLING[3]

'n Jaarlikse toelaag aan individue van R10 000 as 'n aftrekking teen kapitaalwinste sal verhoed dat baie tyd spandeer word aan die invordering van klein bedrae belasting. Die administratiewe las van so 'n nuwe belasting kan daardeur aansienlik verlig word.

Die jaarlikse toelaag behoort aan indeksering[4] onderworpe te wees om voorsiening te maak vir die invloed van inflasie.

Entrepreneurskap en werkskepping is belangrike eienskappe vir groei in Suid-Afrika. Om dit te bevorder kan 'n kumulatiewe vrystelling van R500 000 toegestaan word op kapitaalwinste met verkoop van 'n bedryf. Hierdie vrystelling kan ook gekoppel word aan sekere voorwaardes, soos dat dit slegs toegestaan word indien die verkoping plaasvind weens swak gesondheid of na 'n sekere ouderdom tydens aftrede.

## 6.5 KAPITAALVERLIESE[5]

Kapitaalverliese moet slegs teen kapitaalwinste as 'n aftrekking toegelaat word, en die onbenutte bedrag moet na die volgende jare oorgedra word vir afsetting teen kapitaalwinste.

Aangesien dit die administrasie bemoeilik, behoort kapitaalverliese nie teruggedra te word na die vorige jare nie, behalwe in geval van 'n boedel en die beëindiging van 'n trust, waar dit vir 'n beperkte tydperk, sê drie jare, toegelaat behoort te word. Enige kapitaalverlies wat nie so benut kan word nie, behoort oorgedra te word na die erfgename of begunstigdes.

## 6.6 VERKOOP VAN BATES[6]

Dit is noodsaaklik dat, behalwe normale verkope van bates, geagte verkope so gedefinieer word om die gevalle in te sluit waar 'n eienaar effektiewe beheer van sy bate verloor.

Skenkings moet wel as geagte verkope beskou word, maar nie testamentêre skenkings nie, omrede dit alreeds onderhewig is aan boedelbelasting en dit andersins dubbele belasting tot gevolg sal hê.

Versekeringseise ontvang vir verlies van kapitaalbates behoort as geagte verkope beskou te word, terwyl versekeringseise vir verlies aan inkomste onderhewig is aan normale inkomstebelasting.

Die verkoopprys van transaksies wat nie tot die uiterste beding is nie, moet vervang word met die redelike markwaarde daarvan, wat dan as geagte verkope beskou word.

## 6.7 PAAIEMENTVERKOPE[7]

Waar 'n eiendom verkoop word en die verkoopprys is in paaiemente betaalbaar oor 'n tydperk wat twee jaar oorskry, is ek van mening dat die belasbaarheid van die kapitaalwins oor dieselfde periode versprei moet word. Dit sal die belastingpligtige in staat stel om die kontant wat ontvang word, te gebruik om die belasting te betaal.

Elke jaar se paaiement moet as 'n persentasie van die totale verkoopprys uitgedruk word, en die totale kapitaalwins op die transaksie word dan jaarliks belas volgens genoemde persentasies.

## 6.8 ONGEREALISEERDE WINSTE[8]

Administratief sal dit onmoontlik wees om ongerealiseerde kapitaalwinste te belas, aangesien daar dan jaarliks waardasies van alle bates gedoen moet word.

Die vermoë om te betaal hang soms nou saam met die realisering van die bate, en in gevalle waar 'n belastingpligtige net oor 'n eiendom beskik kan hy dalk nie in staat wees om die belasting op 'n ongerealiseerde wins te betaal nie.

Ongerealiseerde winste moet na my mening nie belas word nie.

## 6.9 GEDEELTELIKE VERKOPE[9]

Die grootste probleem by gedeeltelike verkope is die verdeling van die koste in gevalle waar dit nie afsonderlik beskikbaar is vir die verskillende dele nie.

Ek stel voor dat dieselfde metode as in die Verenigde Koninkryk gebruik word, naamlik dat die koste van die verskillende dele proporsioneel verdeel word volgens die redelike waardes daarvan. Die deel wat verkoop word se verkoopprys word as 'n redelike waarde aanvaar, terwyl die oorblywende deel se markwaarde as redelik aanvaar word.

## 6.10 VERKOPE VOOR EN TYDENS OORSESE VERBLYF[10]

Die beginsel behoort te wees dat buitelandse winste tydens permanente verblyf oorsee nie belasbaar is nie, tensy dit oorgeplaas word na Suid-Afrika. 'n Oorsese besoeker wat later woonagtig word in Suid-Afrika sal ook nie belasbaar wees op buitelandse kapitaalwinste nie, mits hy 'n buitelandse domicilie het, en die winste nie na Suid-Afrika oorplaas nie.

Suid-Afrikaners wat tydelik oorsee woon, sal slegs onthef wees van kapitaalwinste in 'n jaar wat hul glad nie inwoners van Suid-Afrika is nie.

Kapitaalwinste verdien in Suid-Afrika voordat 'n persoon tydelik of permanent oorsee gaan woon, sal in Suid-Afrika belasbaar wees.

## 6.11 KORTTERMYN- EN LANGTERMYNKAPITAALWINSTE[11]

In lande waar daar 'n onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste is, word die korttermyngedeelte gewoonlik as normale inkomste belas terwyl die langtermyngedeelte as kapitaalwinste belas word. Die nadeel is dat 'n belastingpligtige sy normale belasbare inkomste kan manipuleer deur kapitaaltransaksies so te reël dat dit binne die korttermyntydperk val, of alternatiewelik daarbuite.

In Suid-Afrika bepaal artikel 9B van die Inkomstebelastingwet (1962) tans dat transaksies in genoteerde aandele wat vir ten minste vyf jare besit is, kapitaal van aard is indien sodanige keuse uitgeoefen word, terwyl alle aandele gehou vir 'n korter tydperk kapitaal of inkomste van aard kan wees. (Meyerowitz & Spiro, 1993:96) Hierdie is egter nie 'n onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste nie.

Dit word aanbeveel dat daar geen onderskeid tussen korttermyn- en langtermynkapitaalwinste gemaak word nie.

## 6.12 TEENVERMYDINGSMAATREëLS[12]

Teenvermydingsmaatreëls is noodsaaklik en is in 'n groot mate daarop gemik om transaksies tussen verbonde persone en transaksies wat nie tot die uiterste beding is nie, asook transaksies wat daarop gemik is om belasting te vermy, teen te werk.

Transaksies om belasting te vermy poog om die kapitaalwins kunsmatig te verminder, dit in 'n verlies te omskep of 'n verlies te vergroot, en die teenvermydingsmaatreëls poog om dit te verhoed of aan te suiwer sodat die transaksie die werklike wins of verlies reflekteer vir doeleindes van kapitaalwinsbelasting.

## 6.13 TRUSTS[13]

Trusts behoort soos individue onderhewig te wees aan kapitaalwinsbelasting, en ook geregtig te wees op die jaarlikse toelaag van R10 000.

Skenkings aan 'n trust moet as geagte verkope vir die skenker beskou word, terwyl skenkings deur 'n trust asook toekennings van bates aan 'n begunstigde as 'n geagte verkoop teen redelike markwaarde vir die trust beskou moet word.

Normale teenvermydingsmaatreëls behoort van toepassing te wees in alle gevalle waar daar gepoog word om kapitaalwinsbelasting te vermy.

## 6.14 MAATSKAPPYE[14]

Groepe maatskappye, wat onder dieselfde beheer is deurdat dieselfde hoofaandeelhouers ten minste 75 % belang in die maatskappye besit, behoort as 'n ekonomiese eenheid erken te word. Dit beteken dat bates binne so 'n groep oorgeplaas kan word sonder dat daar 'n kapitaalwins of verlies ontstaan, terwyl die bate sy oorspronklike kosprys behou, wat vanaf die datum van oorspronklike aankoop aan indeksering onderhewig is.

Kapitaalwinste en verliese van die groep maatskappye behoort teen mekaar verreken te word ten einde 'n netto verpligting te bereken.

Hierdie beginsel behoort ook uitgebrei te word na normale maatskappybelasting, sodat die groep maatskappye as 'n ekonomiese eenheid belas word.

Met rekonstruksie en amalgamasie van maatskappye behoort dieselfde beginsels te geld, terwyl alle kapitale verdelings met likwidasie van 'n maatskappy as geagte verkope beskou moet word vir berekening van kapitaalwinste.

## 6.15 VERBONDE PERSONE[15]

Die definisie van verbonde persone soos dit van toepassing is vir inkomstebelasting doeleindes, behoort net so toegepas te word vir kapitaalwinsbelasting doeleindes.

Indien transaksies tussen verbonde persone nie tot die uiterste beding is nie, moet die prys vervang word met die redelike markwaarde van die bate, en die kapitaalwins of verlies wat daaruit voortvloei behoort dan soos enige ander kapitaalwins of verlies belasbaar of aftrekbaar te wees.

## 6.16 VENNOOTSKAPPE[16]

Net soos normale vennootskapswinste, moet kapitaalwinste en verliese tussen die vennote verdeel word volgens die verhouding vooraf deur hul besluit, of die winsdelingsverhouding.

Om praktiese probleme te vermy, moet daar by groot vennootskappe, waar dikwels vennote toetree en uittree, nie telkens 'n geagte markwaarde van elke bate bereken word nie, maar die bates moet geag word verkoop te wees teen 'n vergoeding wat nie aanleiding gee tot 'n wins of 'n verlies nie.

## 6.17 INDIVIDUE[17]

Die man en vrou behoort die keuse te hê om gesamentlik of apart aangeslaan te word vir kapitaalwinsbelasting, en die feit of hul binne gemeenskap van goedere getroud is of nie, moet nie 'n faktor wees nie.

Skenkings tussen man en vrou moet nie onderhewig wees aan kapitaalwinsbelasting nie.

## 6.18 VRYGESTELDE ORGANISASIES[18]

Organisasies wat vrygestel is van normale inkomstebelasting, behoort om dieselfde redes wat vir daardie vrystelling geld, ook vrygestel te wees van kapitaalwinsbelasting.

## 6.19 KOERS VAN KAPITAALWINSBELASTING[19]

In die verklarende memorandum by die ongepubliseerde konsepwet (1979:1-4) oor kapitaalwinsbelasting, was bepaal dat kapitaalwinste van individue en maatskappye apart van normale inkomste belas word op 'n glyskaal wat begin by 'n effektiewe 6,6% op R10 000 en styg na 'n maksimum van 24,56% op R1 miljoen kapitaalwins.

Die Franzsen-kommissie (1968:62) se aanbevelings was dat kapitaalwinste belas word teen 20%, maar dat die koers afneem hoe langer die bate besit is, en na 9 jaar sal die koers nul wees. Waar daar verskillende kapitaalwinste in een jaar gerealiseer word, kan dit prakties moeilik wees om so 'n stelsel toe te pas.

Indien daar twee verskillende belastingskale bestaan vir inkomstebelasting en kapitaalwinste, sal belastingpligtiges altyd poog om te motiveer dat die aard van die wins dié een is waarop die laagste belastingkoers van toepassing is. Dit beteken dat die onderskeid tussen kapitaalwinste en bedryfswinste nog steeds belangrik sal wees, wat tot gevolg het dat tydrowende en duur hofsake nog deel van ons belastingstelsel sal bly.

Aangesien ons maksimum belastingkoers vir individue tans 43% en vir maatskappye 35% is, sou dit na my mening ook nie regverdig wees dat kapitaalwinste by bedryfswinste getel en in totaal belas word nie. Individue bereik ook die top-belastingskaal op 'n betreklike lae belasbare inkomste, wat in baie gevalle sal beteken dat die kapitaalwins teen die maksimum belastingkoers van 43% belas word.

Daar behoort ook verligting te wees vir dié persoon wat 'n kapitaalwins realiseer, terwyl hy baie min ander inkomste het.

Tot tyd en wyl ons belastingstelsel só gewysig word dat 'n individu sy maksimum belastingkoers eers bereik by 'n inkomste van ongeveer R200 000, is die voorstel van Coetzee (1990:181) die aanvaarbaarste: "... it is proposed that capital gains be taxed on a flat-rate method where the rate is lower than the average tax rate applicable to other income".

Ek is van mening dat kapitaalwinste by individue en trusts belas moet word teen die laagste van die huidige jaar se gemiddelde belastingkoers betaalbaar op normale inkomste of 30%, terwyl maatskappye belas moet word teen 'n vaste koers van 30%.

## 6.20 BELASBAARHEID VAN BATES EN SEKERE TOEVALLINGS[20]

Suid-Afrika behoort 'n omvattende benadering met betrekking tot kapitaalwinste te volg, wat beteken dat daar min tipe bates is wat uitgesonder word. Ten einde regverdig te wees, is daar egter 'n aantal bates waar spesiale reëls van toepassing behoort te wees:

### 6.20.1 PRIVAAT WONING[21]

'n Privaat woning moet vrygestel wees van kapitaalwinsbelasting, mits dit die primêre woning is, en dit uitsluitlik as privaat woning gebruik is. In gevalle waar dit net gedeeltelik as privaat woning gebruik is of net vir 'n sekere periode van eienaarskap bewoon is, moet slegs 'n proporsionele gedeelte van die kapitaalwins vrygestel wees.

### 6.20.2 AANDELE[22]

Kapitaalwinste met verkoop van aandele behoort belasbaar te wees teen die normale koerse soos vasgestel.

### 6.20.3 BATES MET 'N BEPERKTE LEWENSDUUR[23]

Bates met 'n verwagte lewensduur van minder as 50 jaar soos patenteregte, kopieregte, opsies, lewensreg op eiendom en ander tasbare roerende bates, behoort vrygestel te wees van kapitaalwinsbelasting tot op 'n bedrag van R10 000 per bate, ten einde administrasie en invordering te vergemaklik.

Hierdie vrystelling behoort nie van toepassing te wees op masjinerie, toerusting en bates waarop voorheen waardevermindering afgeskryf is nie. By sodanige bates word die waardevermindering en toelaes voorheen afgeskryf en nou verhaal as bedryfsinkomste belas, en slegs die bedrag wat die oorspronklike kosprys oorskry, kan 'n kapitaalwins veroorsaak. 'n Verlies met verkoop sal 'n normale bedryfsverlies wees.

6.20.4 REG OP GEBRUIK VAN EIENDOM[24]

Daar behoort 'n tabel vasgestel te word waarvolgens die persentasie koste van so 'n reg van gebruik oor die oorblywende aantal jare van gebruik verdeel word, ten einde die kapitaalwins ten tye van verkoop te bepaal. Sodanige kapitaalwinste sal belasbaar wees.

6.20.5 PRIVAAT MOTORVOERTUIG[25]

Privaat motorvoertuie behoort vrygestel te wees van kapitaalwinsbelasting.

6.20.6 PERSOONLIKE BATES[26]

Versamelitems soos skilderye, juweliersware, antieke items, seël- en muntversamelings moet belasbaar wees, en verliese mag net van kapitaalwinste op ander versamelitems afgetrek word, of oorgedra word na toekomstige jare.

Persoonlike bates wat vir die gebruik van die eienaar en sy familie aangewend word, behoort slegs belasbaar te wees tot die mate wat die verkoopprys R10 000 of die kosprys van die item, welke die grootste, oorskry. Dit sal verseker dat kleiner items, wat moeilik kontroleerbaar is, nie administratiewe probleme veroorsaak nie.

6.20.7 VERSEKERING[27]

Die opbrengs van annuïteite, lewensversekeringspolisse en versekeringseise vir persoonlike beserings moet vrygestel wees van kapitaalwinsbelasting, aangesien dit persone aanmoedig om selfversorgend te wees.

6.20.8 DOBBELWINSTE[28]

Dit sal administratief baie moeilik wees om dobbelwinste te belas, en dit behoort daarom vrygestel te wees.

6.20.9 TOEKENNINGS VIR DAPPERHEID[29]

Verkoop van dekorasies en toekennings vir dapperheid behoort vrygestel te wees.

6.20.10 HANDELSVOORRAAD[30]

Kapitaalbates wat oorgeplaas word na handelsvoorraad moet beskou word as geagte verkope teen ten minste die oorspronklike kosprys, met 'n gevolglike verhaling van waardevermindering en toelaes voorheen afgeskryf.

## 6.21 INDEKSERING[31]

Kapitaalwinsbelasting sou 'n baie onregverdige belasting wees indien daar geen voorsiening gemaak word vir inflasionêre skynwinste nie. Die effek van inflasie op die koopkrag van geld word aan die hand van 'n eenvoudige voorbeeld gedemonstreer. 'n Bate, wat tans R200 000 kos, sal oor 15 jaar, (in die jaar 2009), met 'n inflasiekoers van 10% per jaar R836 000 (200 000 x 4,18) kos, of met 'n inflasiekoers van 15% per jaar, R1 628 000 (200 000 x 8,14). (Falkena & Luüs, 1994:47) Sonder indeksering ontstaan daar groot skynwinste indien so 'n bate na 'n aantal jare verkoop word, terwyl daar geen reële groei plaasgevind het nie.

Ek is van mening dat die verbruikersprysindeks gebruik moet word as maatstaf om waardes aan te pas. Hierdie indeks moet toegepas word vanaf die datum waarop die bate aangekoop is, en die waarde van enige verbeteringe moet vanaf die datum wat dit aangegaan is, aangepas word.

## 6.22 TERUGPLOEG BEPALING[32]

Daar behoort omvattende terugploeg bepalings van krag te wees, dat bates wat in 'n bedryf gebruik word, nie belas word by die verkoop of geagte verkoop daarvan nie, mits dit binne 'n vasgestelde tydperk (byvoorbeeld een jaar voor die verkoopdatum tot drie jaar na die verkoopdatum) vervang word deur 'n ander bate van dieselfde klas, of 'n ander kwalifiserende bate.

Die bates wat onderhewig behoort te wees aan die terugploeg bepaling is die volgende:

- Grond en geboue gebruik vir bedryfsdoeleindes
- Masjinerie en toerusting
- Skepe, vliegtuie en voertuie
- Klandisiewaarde.

Die terugploeg bepaling moet ook van krag wees waar 'n bedryf as 'n lopende saak verkoop word aan 'n maatskappy of beslote korporasie, en die vorige eienaar nou die enigste aandeelhouer of lid is.

Terugploeg bepalings behoort ook van krag te wees binne 'n groep maatskappye[33] wat as 'n ekonomiese eenheid erken word.

## 6.23 WAARDASIE VAN BATES[34]

Ek is van mening dat bates wat alreeds besit is op datum van inwerkingtreding van 'n kapitaalwinsbelasting nie daaraan onderhewig moet wees nie, maar slegs bates wat daarna verkry is. Dit skakel waardasie-probleme van bates op die effektiewe datum uit, en sal tot gevolg hê dat die datum wat 'n bate verkry is duidelik gedefinieer moet word.

## 6.24 EFFEKTIEWE DATUM

In Australië was dieselfde dag waarop 'n kapitaalwinsbelasting aangekondig is, ook die datum waarop die belasting van krag geword het, (CCH Australië Ltd., 1985:21). Dit het die nadeel dat die wetgewing eers etlike maande daarna gepromulgeer word, en dat daar dan 'n tydperk van onsekerheid bestaan waartydens niemand beplanning kan doen en die volle effek van huidige transaksies kan bepaal nie.

'n Kapitaalwinsbelasting behoort lank voor die effektiewe datum aangekondig te word, sodat die nodige wetgewing betyds gepromulgeer kan word. Aangesien die voorstel is dat bates wat op die effektiewe datum besit word nie onderhewig moet wees aan kapitaalwinsbelasting nie[35], is die normale argument dat die publiek dan belastingskuiwe kan maak wat tot gevolg het dat belasting vermy word, nie geldig nie.

In die Verenigde Koninkryk is kapitaalwinsbelasting ingestel vanaf 6 April 1965, (Spitz, 1966:51) wat ook die begin van hul belastingjaar is. Dit is baie sinvol om so 'n nuwe belasting in werking te laat tree op die eerste dag van 'n nuwe belastingjaar, en in Suid-Afrika behoort dit op 1 Maart te wees, die begin van die meeste belastingpligtiges se belastingjaar.

## 6.25 INTERAKSIE MET ANDER BELASTINGS

In die Verenigde Koninkryk is enige wins wat onderhewig is aan inkomstebelasting uitgesluit van kapitaalwinsbelasting, en verliese aftrekbaar van inkomste is nie toelaatbaar as verliese vir kapitaalwinsbelasting doeleindes nie. (Tiley, 1989:503)

Net so behoort daar duidelike riglyne te wees wat verhoed dat dieselfde bedrae wat belasbaar is onder kapitaalwinsbelasting wetgewing, ook terselfdertyd belasbaar is onder skenkingsbelasting en boedelbelasting wetgewing.

Dubbelbelastingooreenkomste met ander lande is ook noodsaaklik ten einde te verhoed dat kapitaalwinsbelasting op dieselfde kapitaalwins in meer as een land betaal word.

## 6.26 JAARLIKSE OPGAWES EN AANSLAE

Jaarlikse opgawes vir kapitaalwinsbelasting kan gekombineer word met huidige IB12 en IB14 belastingopgawes. Dieselfde persoon kan die belastingpligtige gelyktydig vir inkomstebelasting en kapitaalwinsbelasting aanslaan, wat administrasie sal verminder.

Aparte aanslae moet egter uitgereik word vir kapitaalwinste, aangesien dit belas behoort te word teen 'n ander koers as normale inkomste[36].

## 6.27 BETALING VAN KAPITAALWINSBELASTING

Kapitaalwinste is normaalweg nie-herhalend van aard, en daarom sal dit nie prakties wees om voorlopige betalings te doen soos wat by inkomstebelasting vereis word nie. Om egter die terughou van inligting en die gevolglike vertraging van die betaling te verhoed, kan die belastingpligtige nege maande na jaareinde gegee word om 'n finale skatting te maak, indien 'n aanslag nog nie op daardie datum uitgereik is nie.

Deur die betaaldatum van kapitaalwinste op nege maande na jaareinde vas te stel, sal dit verhoed dat dit saamval met die eerste, tweede en derde voorlopige betalings van inkomstebelasting, wat kontantvloeiprobleme sal verlig, en dit sal elke belastingpligtige ook voldoende geleentheid bied om sy presiese verpligting te bepaal.

Rente op onderbetalings en oorbetalings moet vanaf bogenoemde datum bereken word, en dieselfde bepalings wat op inkomstebelasting van toepassing is, behoort ook hier toegepas te word.

## 6.28 PRAKTYKNOTAS

Die uitreik van praktyknotas oor sake waaroor daar onduidelikhied bestaan is 'n baie effektiewe metode van kommunikasie en dit behoort, veral direk na die inwerkingtreding van kapitaalwinsbelasting, uitgebrei te word.

## 6.29 SLOTSOM

Die uiteindelike toets vir 'n regverdige kapitaalwinsbelasting lê daarin dat dit moet voldoen aan al die vereistes wat vir 'n belastingstelsel gestel word[37].

Fölscher (1993:18) noem die vier kantonne waaraan 'n kapitaalwinsbelasting moet voldoen om te kwalifiseer as 'n goeie belastingstelsel:

"- billikheid sou vereis dat slegs gerealiseerde winste belas word maar dat belasbare winste deur inflasie-aanpassing beperk moet word tot reële winste;
- sekerheid sou vereis dat die stelsel nie winste belas wat ontstaan het voor implementering van die stelsel nie;
- neutraliteit sou vereis dat 'n kapitaalwinsbelastingstelsel so min as moontlik ekonomiese gedrag beïnvloed, die belastingbasis en trefwydte moet dus so breed moontlik wees maar die koers behoort nie sodanig hoog te wees dat dit ekonomiese aktiwiteite strem nie; en
- doeltreffendheid sou vereis dat die stelsel deur spesiale toegewings onnodige administratiewe aksies uitsluit."

Ek is van mening dat die voorgestelde kapitaalwinsbelasting aan al die vereistes vir 'n goeie, billike en regverdige belasting voldoen.

**AANTEKENINGE:**

1. Bespreek in paragraaf 3.2
2. Bespreek in paragraaf 3.3
3. Bespreek in paragraaf 3.4 en 3.19
4. Bespreek in paragraaf 4.4
5. Bespreek in paragraaf 3.5
6. Bespreek in paragraaf 3.6
7. Bespreek in paragraaf 3.7
8. Bespreek in paragraaf 3.8
9. Bespreek in paragraaf 3.9
10. Bespreek in paragraaf 3.10
11. Bespreek in paragraaf 3.11

12. Bespreek in paragraaf 3.12
13. Bespreek in paragraaf 3.13
14. Bespreek in paragraaf 3.14
15. Bespreek in paragraaf 3.15
16. Bespreek in paragraaf 3.16
17. Bespreek in paragraaf 3.17
18. Bespreek in paragraaf 3.18
19. Bespreek in paragraaf 4.1 en 4.2
20. Bespreek in paragraaf 4.3
21. Bespreek in paragraaf 4.3.1
22. Bespreek in paragraaf 4.3.2
23. Bespreek in paragraaf 4.3.3
24. Bespreek in paragraaf 4.3.4
25. Bespreek in paragraaf 4.3.5
26. Bespreek in paragraaf 4.3.6
27. Bespreek in paragraaf 4.3.7
28. Bespreek in paragraaf 4.3.8
29. Bespreek in paragraaf 4.3.9
30. Bespreek in paragraaf 4.3.10
31. Bespreek in paragraaf 4.4
32. Bespreek in paragraaf 4.5
33. Bespreek in paragraaf 6.14
34. Bespreek in paragraaf 4.6
35. Bespreek in paragraaf 6.23
36. Bespreek in paragraaf 6.19
37. Bespreek in paragraaf 1.6

**HOFSAKE EN INKOMSTEBELASTINGSAKE WAARNA VERWYS WORD**



| | VERWYSING | BLADSY |
|---|---|---|
| AFRICAN LIFE INVESTMENT CORPORATION (PTY) LTD v SIR (1969(4) SA 259(A)) | 31 SATC 163 | 14 |
| BOOYSEN'S ESTATE LTD, COT v (1918 AD 576) | 32 SATC 10 | 17 |
| ITC 1418 (1986) | 49 SATC 42 | 15 |
| ITC 1525 (1991) | 54 SATC 209 | 16 |
| ITC 1526 (1991) | 54 SATC 216 | 17 |
| JOHN BELL & CO (PTY) LTD v SIR (1976(4) SA 415(A)) | 38 SATC 87 | 12 |
| MALAN v KBI (1983(3) SA 1(A)) | 45 SATC 59 | 15 |
| MIDDELMAN, CIR v (1991(1) SA 200(C)) | 52 SATC 323 | 13 |
| NATAL ESTATES LTD v SIR (1975(4) SA 177(A)) | 37 SATC 193 | 12 |
| PYOTT LTD v CIR (1945 AD 128) | 13 SATC 121 | 10 |
| RICHMOND ESTATES (PTY) LTD, CIR v (1956 AD) | 20 SATC 355 | 13 |
| SIR v THE TRUST BANK OF AFRICA LTD (1975(2) SA 652(A)) | 37 SATC 87 | 16 |
| STEPHAN v CIR (1919 WLD 1) | 32 SATC 54 | 15 |
| STOTT CIR v (1928 AD 252) | 3 SATC 253 | 11 |
| TUCK v CIR (1988(3) SA 819(A)) | 50 SATC 98 | 10 |
| VISSER, CIR v (1937 TPD 77) | 8 SATC 271 | 10 |

**BIBLIOGRAFIE**


1. BADENHORST, P. 1993. Dié belasting hoog op agenda. *Finansies & Tegniek* : 20, Junie 25.

2. BENADE, J. 1992. Nuwe belastings 'n sensitiewe saak. *Finansies & Tegniek* : 25, Oktober 2.

3. C C H AUSTRALIA LTD. 1985. Australia's new capital gains tax. North Ryde, N.S.W.

4. COETZEE, H.A. 1990. A comparative study of Capital Gains Tax as a basis for taxation. (Thesis - D.Compt.)

5. COETZEE, Dr. H.A. 1992. Thoughts on Taxation - Secondary Intention. *Accountancy SA* : 77, March.

6. COETZEE, Dr. H. 1993a. Tax at the crossroads. *Accountancy SA* : 4-9, March.

7. COETZEE, Dr. H.A. 1993b. Reluctance to pay tax. *Accountancy SA* : 5-7, November/December.

8. DIVARIS, C. 1977. 'Ability to pay'. *Businessman's Law* : 185-186, June 15.

9. DIVARIS, C. 1980. Capital Gains Tax : A Personal View. *Income Tax Reporter* : 1-15, February 15.

10. DIVARIS, C & STEIN, M.L. 1994. Silke on South African Income Tax. Memorial Edition, Volume 1. Kenwyn : Juta & Co.

11. EASTAWAY, N & YOUNG, D. 1992. Allied Hambro Expatriate Tax and Investment Guide. 4th ed. London : Longman.

12. EMSLIE, T.S., DAVIS, D.M., HUTTON, S.J. 1994. Income tax cases and materials. Cape Town : The Taxpayer CC.

13. FALKENA, H.B. & LUüS, C.W. 1994. Personal Wealth & Financial Independence. Halfway House : The Penrose Press.

14. FéDéRATION INTERNATIONALE DES BOURSES DE VALEURS. 1991. Securities Taxation Survey. Paris.

15. FEENBERG, D & SUMMERS, L. 1990. Who benefits from capital gains tax reductions? (*In* National Bureau of economic research. Tax policy and the economy. Nr. 2. Cambridge : NIT Press)

16. FöLSCHER, D. 1993. Kapitaalwinsbelasting : 'n Vergelyking van benaderings tot hierdie soort belasting. *Accountancy* SA : 16-18, Junie.

17. FRANZSEN-Kommissie
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek) 1968. Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre beleid ...

18. FRIEDLAND, R.J. 1979. Capital taxes around the World. *Businessman's Law 8* : 211-213, August 1.

19. GIRD, M.W.N. 1986. The taxation of capital gains. (Dissertation - M.Compt.)

20. GOUS, F. 1992. SA publiek word self Jan Taks. *Sake-Rapport* : 1, Julie 5.

21. GOUS, F. 1994a. Roei blokkruiping uit, pleit AHI. *Sake-Rapport* : 1, September 18.

22. GOUS, F. 1994b. Belasting móét laer. *Sake-Rapport* : 1, Augustus 14.

23. HUXAM, K. & HAUPT, P. 1994. Aantekeninge oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting. 13de Uitg. Roggebaai : H & H Publications.

24. JAMMINE, Dr. A. 1993. Waarom individue so swaar aan die land se belastinglas dra. *Sake-Beeld* : S20, Januarie 29.

25. KATZ, Prof. M. 1993. Belasting moet hervorm word om beleggers te lok. *Sake-Beeld* : S3, Augustus 13.

26. KLEYNHANS, H.J. 1979. Die identifikasie van die kapitaalwins vir fiskale doeleindes met verwysing na toepaslike regspraak deur die inkomstebelastinghowe in Suid-Afrika. Potchefstroom : P U vir C.H.O. (Verhandeling-M.Com.)

27. KOURIE, M. 1994. Belastingkomitee moet mooi dink oor belasting op kapitaalwins. *Sake-Beeld* : S5, Junie 27.

28. KREVER, R. 1992. Australia : The taxation of Capital Gains. *1992 International Bureau of Fiscal Documentation* : 229-243.

29. MARGO-Kommissie
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Kommissie van Ondersoek na die Belastingstruktuur...

30. MEYEROWITZ, D & P. 1979a. A Capital gains tax. *The Taxpayer*, 28(4) : 61-66, April.

31. MEYEROWITZ, D & P. 1979b. The Budget. *The Taxpayer*, 28(3) : 41-51, March.

32. MEYEROWITZ, D. & SPIRO, E. 1993. The taxpayer's Permanent volume on Income Tax in South Africa. Cape Town : The Taxpayer CC.

33. ONGEPUBLISEERDE KONSEPWET
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Bill to amend the Income Tax Act, 1962...

34. PINDER, G.E. 1985. Capital Gains tax - II. *Income Tax Reporter*, 24(8) : 359-367, December.

35. PRICE WATERHOUSE. 1991. Doing business in the United Kingdom. New York : Price Waterhouse World Firm Ltd.

36. PRICE WATERHOUSE. 1993a. Corporate Taxes. A Worldwide Summary. New York : Price Waterhouse World Firm Ltd.

37. PRICE WATERHOUSE. 1993b. Individual Taxes. A Worldwide Summary. New York : Price Waterhouse World Firm Ltd.

38. ROSSOUW, H. 1992. Belastingstelsel moet balans handhaaf. *Finansies & Tegniek* : 24, Oktober 16.

39. SCHMIDT, B. 1992. Meer indirekte belasting sal staatskas moet vul. *Sake-Beeld* : S3, Julie 22.

40. SMITH, D. 1993. (Toespraak by die kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut) Bloemfontein : 7, Oktober 27.

41. SPITZ, B.K. 1966. The Taxation of Capital Gains in the new United Kingdom Tax Structure. *The South African Chartered Accountant* : 50-51, February.

42. SUID-AFRIKAANSE BESIGHEIDSKAMER. 1994. Vraelys oor kapitaalwinsbelasting. Resultate van vraelys in besit van Suid-Afrikaanse Besigheidskamer. Aucklandpark.

43. SUID-AFRIKA (Republiek). 1962. Inkomstebelastingwet, No. 58 van 1962. Pretoria : Staatsdrukker.

44. SUID-ARIKA (Republiek). 1968. Kommissie van Ondersoek na die Fiskale en Monetêre beleid in Suid-Afrika. Eerste verslag.

45. SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Bill to amend the Income Tax Act, 1962, so as to impose a tax on capital gains; and to provide for incidental matters. (Ongepubliseer)

46. SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Explanatory Memorandum on the draft bill to impose a capital gains tax. (Ongepubliseer)

47. SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Kommissie van Ondersoek na die Belastingstruktuur van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker (RP 34/1987)

48. TILEY, J., *Cons. ed.* 1989. UK Tax Guide. 8th Edition. London : Butterworths.

49. UYS, D. 1993. (Toespraak by die kongres van die Afrikaanse Handelsinstituut) Bloemfontein : 2, Oktober 27.

50. VAN RENSBURG, G. 1993. Belastingkoerse 'knel groei', Sake-Beeld : S8, Oktober 21.

51. VERKLARENDE MEMORANDUM
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Explanatory memorandum on the draft bill...

52. VOLSCHENK, C. 1993. Meng wil stokkie voor trusts steek. *Sake-Beeld* : S3, Desember 7.

53. VOLSCHENK, C. 1994a. Politici en Staatsamptenare van voormalige onafhanklike state versuim om belasting te betaal. *Saké-Beeld* : S1, Junie 27.

54. VOLSCHENK, C. 1994b. ANC spel plan met belasting volledig uit. *Sake-Beeld* : S1, April 25.

55. VON KEYSERLINGK, C. 1994a. Verlaag belastingkoers tot 35%, sê Sabek aan Katz. *Sake-Beeld* : S1, September 2.

56. VON KEYSERLINGK, C. 1994b. Net 1,5% van die bevolking betaal 51,7% van belasting. *Sake-Beeld* : S1, September 2.

57. WATERS, J. 1994. HOP gefinansier sonder belastingverhogings. *Sake-Beeld* : S4, Maart 2.

58. WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek) en
ZIMBABWE.

59. WILLEMSE, J. 1994. Begroting : Vooruitsigte beter. *Landbouweekblad* : 6-7, Julie 8.

60. ZARITSKY, H.M. & BREMER, J. 1982. Capital Gains Desk Book. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.

61. ZIMBABWE. 1992. Capital Gains tax act 54 of 1981 (As amended).